4	Twee semestermodules of 'n jaarmodule vanuit een van die volgende modules of modulegroepe. NB: i. Studente moet 'n module in hulle verkose taal van onderrig kies. ii. Studente met 65% of meer vir Engels Huistaal of 75% of meer in Engels Eerste Addisionele of Tweede Addisionele Taal in Graad 12 moet vir Engels 1A/1B of Engels 1C/1D registreer. Studente met minder as 65% vir Engels Huistaal of minder as 75% in Engels Eerste Addisionele of Tweede Addisionele Taal in Graad 12 mag voorgeskryf word om vir English for Law te registreer. iii. 'n Student kan net vir een van Engels 1A/1B, Engels 1C/1D of English for Law krediet verkry. iv. Studente met 65% of meer vir Afrikaans Huistaal of 75% of meer in Afrikaans Eerste Addisionele of Tweede Addisionele Taal in Graad 12 moet vir Afrikaans 1A/1B registreer. Studente met minder as 65% vir Afrikaans Huistaal of minder as 75% in Afrikaans Eerste Addisionele of Tweede Addisionele Taal in Graad 12 mag voorgeskryf word om vir Afrikaans 0A/0B te registreer. v. 'n Student kan net vir een van Afrikaans 1A/1B of Afrikaans 0A/0B krediet verkry.				
a	Afrikaans 0A Afrikaans 0B	AFR0A11 AFR0B21	SM(1) SM(2)	Gr 12 AFR Huistaal 60% tot 64% (V), of Gr 12 AFR 1ste of 2de Addisionele Taal 60% tot 74% (V)	16 16
b	Afrikaans 1A Afrikaans 1B	AFR1A11 AFR1B21	SM(1) SM(2)	Gr 12 AFR Huistaal 65% of meer (V), of Gr 12 AFR 1ste of 2de Addisionele Taal 75% of meer (V)	16 16
c	Engels 1A Engels 1B	ENG1A11 ENG1B21	SM(1) SM(2)	Gr 12 ENG Huistaal 65% of meer (V), of Gr 12 ENG 1ste of 2de Addisionele Taal 75% of meer (V)	16 16
d	Engels 1C Engels 1D	ENG0C11 ENG0D21	SM(1) SM(2)	Gr 12 ENG Huistaal 65% of meer (V), of Gr 12 ENG 1ste of 2de Addisionele Taal 75% of meer (V)	16 16
e	English for Law	EFL0000	JM	Gr 12 ENG Huistaal 60% tot 64% (V), of Gr 12 ENG 1ste of 2de Addisionele Taal 60% tot 74% (V)	32

Nr	Naam van module	Kode	Sem- of Jr-mod (SM of JM)	Opmerkings, voorvereistes (V) of medevereistes (M)	NKR-kred
5	'n Verdere twee semestermodules of een jaarmodule vanuit een van die volgende modules of modulegroepe wat nie onder 4 hierbo gekies is nie. NB: i. Studente met 65% of meer vir Engels Huistaal of 75% of meer in Engels Eerste Addisionele of Tweede Addisionele Taal in Graad 12 moet vir Engels 1A/1B of Engels 1C/1D registreer. Studente met minder as 65% vir Engels Huistaal of minder as 75% in Engels Eerste Addisionele of Tweede Addisionele Taal in Graad 12 mag voorgeskryf word om vir English for Law te registreer. ii. 'n Student kan net vir een van Engels 1A/1B, Engels 1C/1D of English for Law krediet verkry. iii. Studente met 65% of meer vir Afrikaans Huistaal of 75% of meer in Afrikaans Eerste Addisionele of Tweede Addisionele Taal in Graad 12 moet vir Afrikaans 1A/1B registreer. Studente met minder as 65% vir Afrikaans Huistaal of minder as 75% in Afrikaans Eerste Addisionele of Tweede Addisionele Taal in Graad 12 mag voorgeskryf word om vir Afrikaans 0A/0B te registreer. iv. 'n Student kan net vir een van Afrikaans 1A/1B of Afrikaans 0A/0B krediet verkry.				
a	Afrikaans 0A Afrikaans 0B	AFR0A11 AFR0B21	SM(1) SM(2)	Gr 12 AFR Huistaal 60% tot 64% (V), of Gr 12 AFR 1ste of 2de Addisionele Taal 60% tot 74% (V)	16 16
b	Afrikaans 1A Afrikaans 1B	AFR1A11 AFR1B21	SM(1) SM(2)	Gr 12 AFR Huistaal 65% of meer (V), of Gr 12 AFR 1ste of 2de Addisionele Taal 75% of meer (V)	16 16
b	Antropologie 1A Antropologie 1B	ATL1A11 ATL1B21	SM(1) SM(2)		16 16
c	Duits 1A Duits 1B	DTS1A11 DTS1B21	SM(1) SM(2)	*Nie in 2012 aangebied nie* *Nie in 2012 aangebied nie*	16 16
d	Duits 1C Duits 1D	DTS1C11 DTS1D21	SM(1) SM(2)	*Nie in 2012 aangebied nie* *Nie in 2012 aangebied nie*	16 16
c	Engels 1A Engels 1B	ENG1A11 ENG1B21	SM(1) SM(2)	Gr 12 ENG Huistaal 65% of meer (V), of Gr 12 ENG 1ste of 2de Addisionele Taal 75% of meer (V)	16 16
d	Engels 1C Engels 1D	ENG0C11 ENG0D21	SM(1) SM(2)	Gr 12 ENG Huistaal 65% of meer (V), of Gr 12 ENG 1ste of 2de Addisionele Taal 75% of meer (V)	16 16
e	English for Law	EFL0000	JM	Gr 12 ENG Huistaal 60% tot 64% (V), of Gr 12 ENG 1ste of 2de Addisionele Taal 60% tot 74% (V)	32
f	Ekonomie 1A Ekonomie 1B	EKN1A01 EKN1B01	SM(1) SM(2)	NSC Graad 12 Wiskunde 40% (V) NSC Graad 12 Wiskunde 40% (V)	16 16
g	Filosofie 1A Filosofie 1B	FIL1A11 FIL1B21	SM(1) SM(2)		16 16
h	Frans 1A Frans 1B	FRS1A11 FRS1B21	SM(1) SM(2)	Geen vorige kennis word vereis nie Frans 1A (V)	16 16
i	Frans 1C Frans 1D	FRS1C11 FRS1D21	SM(1) SM(2)	Geen vorige kennis word vereis nie Frans 1C (V))	16 16
j	Historiese Studies 1A Historiese Studies 1B	HIS1A11 HIS1B21	SM(1) SM(2)		16 16
k	isiZulu 1A isiZulu 1B	IZU1A11 IZU1B21	SM(1) SM(2)	Geen vorige kennis word vereis nie Geen vorige kennis word vereis nie	16 16
l	Latyn 1A Latyn 1B	LAT1A11 LAT1B21	SM(1) SM(2)	Geen vorige kennis word vereis nie Latyn 1A (V)	16 16

Nr	Naam van module	Kode	Sem- of Jr-mod (SM of JM)	Opmerkings, voorvereistes (V) of medevereistes (M)	NKR-kred
m	Noord-Sotho 1A Noord-Sotho 1B	NOS1A11 NOS1B21	SM(1) SM(2)	Geen vorige kennis vereis nie Geen vorige kennis vereis nie	16 16
n	Ondernemingbestuur 1A Ondernemingbestuur 1B	BMA1A01 BMA1B01	SM(1) SM(2)		16 16
o	Ontwikkelingstudies 1A Ontwikkelingstudies 1B	OWS1A11 OWS1B21	SM(1) SM(2)		16 16
p	Politiek 1A Politiek 1B	PTS1A11 PTS1B21	SM(1) SM(2)		16 16
q	Rekeningkunde A Rekeningkunde B	REK0A01 REK0B01	SM(1) SM(2)	 REK0A01 40% (V)	16 16
r	Rekeningkunde 1A Rekeningkunde 1B	REK1A01 REK1B01	SM(1) SM(2)	NSC Graad 12 Wiskunde 40% (V) REK1A01 40% (V)	16 16
s	Sielkunde 1A Sielkunde 1B	PSY1A11 PSY1B21	SM(1) SM(2)		16 16
t	Sepedi 1A Sepedi 1B	SEP1A11 SEP1B21	SM(1) SM(2)	Geen vorige kennis word vereis nie Sepedi 1A (V)	16 16
u	Sosiologie 1A Sosiologie 1B	SOS1A11 SOS1B21	SM(1) SM(2)		16 16
v	Zulu 1A Zulu 1B	ZUL1A11 ZUL1B21	SM(1) SM(2)	Geen vorige kennis vereis nie Zulu 1A (V)	16 16

5.2.3 Tweede jaar (144 krediete)

Nr	Naam van module	Kode	Sem- of Jr-mod (SM of JM)	Opmerkings, voorvereistes (V) of medevereistes (M)	NKR-kred
1	Deliktereg	DER0000	JM	Personereg en Familiereg (V) Inleiding tot Regstudie (V)	32
2	Erfreg	ERF0011	SM(2)	Personereg en Familiereg (V) Inleiding tot Regstudie (V)	16
3	Staatsreg	SRG0000	JM	Personereg en Familiereg (V) Inleiding tot Regstudie (V)	32
4	Strafreg	SFR0000	JM	Personereg en Familiereg (V) Inleiding tot Regstudie (V)	32
5	Internasionale Reg	ITR0011	SM(1)	Personereg en Familiereg (V) Inleiding tot Regstudie (V)	16
6	Uitlegleer	ULL0024	SM(2)	Personereg en Familiereg (V) Inleiding tot Regstudie (V)	16

5.2.4 Derde jaar (160 krediete)

Nr	Naam van module	Kode	Sem- of Jr-mod (SM of JM)	Opmerkings, voorvereistes (V) of medevereistes (M)	NKR-kred
1	Kontraktereg (insluitend benoemde kontrakte)	KOR0000	JM	Deliktereg (M) en Erfreg (M)	32
2	Sakereg	SAK0000	JM	Deliktereg (M) en Erfreg (M)	32
3	Siviele Prosesreg	SPR0000	JM		32
4	Bewysreg en Litigasietegnieke	BWR0000	JM		32
5	Strafprosesreg	SAR0011	SM(1)		16
6	Administratiefreg	ADR0021	SM(2)	Staatsreg (M)	16

5.2.5 Vierde jaar (176 krediete)

Nr	Naam van module	Kode	Sem- of Jr-mod (SM of JM)	Opmerkings, voorvereistes (V) of medevereistes (M)	NKR-kred
1	Toegepaste Regskunde	TPR0000	JM	Siviele Prosesreg (M) en Bewysreg en Litigasietegnieke (M)	16
	Studente moet tydens werksure aan sessies van die Regskliniek deelneem. Die sessies kan gedurende die eerste semester, die tweede semester of beide geskeduleer word. Die finale uitslae vir die module sal eers in Desember beskikbaar wees.				
2	Ondernemingsvormereg	KPR0011	SM(1)	Kontraktereg (M)	16
3	Insolvensiereg	INR0011	SM(1)	Kontraktereg (M)	16
4	Internasionale Privaatreg	IPR0014	SM(1)	Kontraktereg (M) en Sakereg (M)	16
5	Regsfilosofie	ARL0011	SM(1)		16
6	Handves van Regte	HRE0021	SM(2)	Staatsreg (V)	16
7	Capita Selecta: Privaatreg A (insluitend Verrykingsreg, Estoppelreg en Verbruikerbeskermingsreg)	PRA0021	SM(2)	Kontraktereg (M) en Sakereg (M)	16
8	Wisselreg en Bankreg	WRG0021	SM(2)	Kontraktereg (M)	16
9	Arbeidsreg	ABR0021	SM(2)	Kontraktereg (M)	16
10	Belastingreg	BRE0011	SM(2)		16
11	Een van die volgende drie semestermodules:				
a)*	*Capita Selecta:* Handelsreg (insluitend Immaterieelgoedereg, Versekeringsreg (met Derdepartyvergoedingsreg) en Mededingingsreg)	*HRA0021	SM(2)	Kontraktereg (M) en Deliktereg (M)	16
b)*	Internasionale Handelsreg	*IHR0021	SM(2)	Internasionale Privaatreg (M)	16
c)*	*Capita Selecta:* Privaatreg B (insluitend gevorderde Huweliksgoedereg, gevorderde Trustreg en gevorderde Saaklike Sekerheidsreg) *Nie in 2012 aangebied nie*	*PRB0021	SM(2)	*Nie in 2012 aangebied nie* Personereg en Familiereg (V), Erfreg (V) en Sakereg (V)	16

***** Die volgende is van toepassing op keusemodules in die finale jaar:

1. 'n Keusemodule word slegs aangebied indien minstens twintig studente daarvoor registreer en indien lokale en lesingtye op die lesingsregister beskikbaar is.
2. Die Fakulteit Regsgeleerdheid behou die reg voor om nie al die keusemodules elke jaar aan te bied nie. Minstens een keusemodule sal jaarliks aangebied word.

Oorgangsmaatreëls

i. Studente wat voor 2008 Romeinse Reg (RRG0011) en Sakereg (SAK0021) geslaag het, verkry krediet vir Sakereg (SAK0000).
ii. Studente wat voorheen slegs een van Sakereg (SAK0021) of Romeinse Reg (RRG011) geslaag het, verbeur krediet vir hierdie module en moet Sakereg (SAK0000) vir die BCom(Regte)-graad slaag.

LA.6 MAGISTER LEGUM (VERHANDELING) – LLM (NKR-VLAK 8)

(Sien ook die bepalings van die Akademiese Regulasies en die Beleid vir Hoër Grade en Nagraadse Studies wat op Magistergrade van toepassing is.)

6.1 Doel van die kwalifikasie

Die doel van hierdie kwalifikasie is om 'n student in staat te stel deur navorsingsopleiding om 'n bevoegdheid te demonstreer om op 'n gevorderde vlak die huidige stand van gespesialiseerde kennis van 'n gegewe onderwerp in 'n sekere vertakking van die reg te bemeester en om betroubare opleiding in navorsingsmetedologie te voorsien.

6.2 Reëls vir toelating

6.2.1 Algemeen

i. Die minimum toelatingsvereiste is 'n LLB-graad (of ekwivalente kwalifikasie) op NKR-vlak 7 en 'n minimum aantal krediete van 624. Kandidate wat aansoek doen vir toelating tot 'n Magistergraad benodig oor die algemeen 'n gemiddeld van minstens 65% in hulle vorige graad.
ii. Die relevante Departementshoof mag 'n kandidaat toelaat om te registreer met die doel om leiding te ontvang met die voorbereiding van sy navorsingsvoorstel en om die fasiliteite van die Universiteit daarvoor te benut. Sodanige registrasie skep nie 'n verwagting dat die student aanvaar sal word tot die Magistergraad nie. Sodanige registrasie is net voorlopig en is op voorwaarde dat die Fakulteitsraad goedkeuring verleen tot toelating tot die Magistergraad. Die Fakulteitsraad van die Fakulteit Regsgeleerdheid keur die toelating van 'n student goed op grond van die akademiese meriete van die student, die navorsingsvoorsel voorgelê deur die student en die vermoë van die Fakulteit om gepaste deurlopende studieleiding en -toesig te voorsien.
iii. Werk wat vir regsmodules voorgeskryf is, is in Afrikaans en Engels. Dit is die student se verantwoordelikheid om te verseker dat hy/sy in staat is om die voorgeskrewe werk in beide tale te verstaan.

6.2.2 Erkenning van vorige leer

i. Op grond van die erkenning van vorige leer mag studente toegelaat word, gevorderde plasing verkry, of status verleen word, op voorwaarde dat hulle hul studies aan hierdie universiteit voortsit.
ii. Vorige leer word ooreenkomstig die vereistes en prosedures van die Fakulteit Regsgeleerdheid erken.

iii. In die geval van studente wat nie aan die formele toelatingsvereistes voldoen nie, word vorige leer
- na betaling van die voorgeskrewe gelde in ooreenstemming met die beleid en riglyne van die Universiteit oorweeg,
- op ander vorms van formele, informele en nie-formele leer en ondervinding gebaseer,
- slegs oorweeg indien die vorige leer met die vereiste NKR-vlak ooreenstem,
- erken indien die vorige leer vir die inhoud en uitkomste van die kwalifikasie relevant is sover dit toegepaste bevoegdhede betref,
- volgens 'n assesseringsprosedure oorweeg wat 'n gemotiveerde aanbeveling deur 'n assesseringspaneel aan die Dekaanskomitee van die Fakulteit Regsgeleerdheid insluit, en
- finaal oor besluit deur hierdie Dekaanskomitee

iv 'n BProc graad is nie voldoende om toelating te verkry tot 'n Magisterprogram in die Fakulteit Regsgeleerdheid nie, maar die houer van so 'n BProc graad mag aansoek doen om toelating tot die Magister Legum deur die erkenning van vorige leer. So 'n aansoek mag toegestaan word onderhewig aan sodanige bepalings wat as gepas geag word.

6.3 Assessering

6.3.1 Algemeen

i. Geïntegreerde assessering, wat op bereiking van die uitkomste van die uitgangsvlak gefokus is, sal aangewend word.
ii. Die doel van assessering is
- om die student se prestasie te evalueer om te bepaal of die student aan die assesseringskriteria voldoen; en
- om die verbetering van die student se prestasie aan te moedig en te begelei.

iii. Assessering is op die beginsel van deurlopende en gereelde assessering in elke module en vinnige terugvoer gebaseer.
iv. Assessering bestaan uit twee komponente, naamlik formatiewe en summatiewe assessering.

6.3.2 Formatiewe assessering

i. Formatiewe assessering is gerig op die ontwikkeling van 'n lewenslange leerkultuur wat op aaneenlopende selfstudie gebaseer is, asook op die voorbereiding van die student om 'n verhandeling van hoë kwaliteit te skryf.
ii. Tydens die skryf van die verhandeling word van die student verwag om deel te neem aan 'n aantal seminaarbesprekings oor vakgebiede wat aan die navorsingsonderwerp verwant is. Die doel is om die student se begrip van die studieveld te assesseer, asook sy/haar vermoë om doeltreffend te kommunikeer oor probleemareas en kwessies wat aan die navorsingsonderwerp verwant is. Verder word die student deur hierdie deelname aan gespreksvoering oor die studieveld, en in die besonder oor die verhandeling, gestimuleer en aangemoedig.
iii. Ontmoetings tussen die student en die studieleier vind gereeld plaas waartydens alle aspekte van die voorbereiding vir die mondelinge eksamen, die navorsingsonderwerp, die navorsing en die skryf en finalisering van die verhandeling bespreek word.
iv. Die studieleier assesseer die student deurlopend en, ewe belangrik, begelei hom/haar deur die proses.

6.3.3 Summatiewe assessering

i. Summatiewe assessering word eerstens deur middel van ’n formele mondelinge eksamen gedoen. Die mondelinge eksamen oor voorgeskrewe studiemateriaal se doel is om die student se vermoë te toets om by die soort navorsing en die skryf van ’n verhandeling wat vir die kwalifikasie vereis word, betrokke te raak. Die mondelinge assessering moet geslaag word voordat die student formeel met die verhandeling voortgaan.
ii. Die summatiewe assessering word afgehandel wanneer die verhandeling geassesseer word soos in die Akademiese Regulasies en die Beleid oor Hoër Grade en Nagraadse Studies bepaal word.
iii. In beide die mondelinge eksamen en die verhandeling word studente se vermoë geassesseer om voorafverwerfde kennis te integreer met ‘n grondige kennis op hoë vlak van die navorsingsonderwerp wat uit die navorsing oor die onderwerp en die wetenskaplike skryf daaroor spruit. Die doel is om ’n weldeurdagte en wetenskaplike begrip van die navorsingsonderwerp en die betrokke vertakking van die reg te demonstreer.
iv. Saam met formatiewe assessering bepaal summatiewe assessering of die student die kwalifikasie verwerf.
v. As ’n verdere demonstrasie van die student se vermoë in hierdie verband, word van die student verwag om ’n publiseerbare artikel, wat op die verhandeling gebaseer is, in te lewer. Dié artikel mag, na die studieleier se oordeel, voorgelê word vir publikasie in ’n regstydskrif onder die outeurskap van die student of van beide die student en die studieleier.

6.4 Slaagvereistes

i. ’n Student moet die mondelinge eksamen en die verhandeling afsonderlik slaag.
ii. Om in die mondelinge eksamen te slaag, moet ’n student ’n minimum punt van 50% in die eksamen behaal.
iii. Om die verhandeling te slaag, moet ’n student ‘n minimum punt van 50% vir die verhandeling behaal.
iv. Die finale punt van die kwalifikasie bestaan uit een derde van die punt vir die mondelinge eksamen en twee derdes van die punt vir die verhandeling.
v. ’n Student verwerf die kwalifikasie indien hy/sy beide die mondelinge eksamen en die verhandeling slaag.
vi. ’n Student verwerf die kwalifikasie *cum laude* indien hy/sy die kwalifikasie binne twee jaar voltooi en ’n finale punt van 75% behaal.

6.5 Leergang

i. Die minimum studietydperk vir die navorsings-LLM-graad is een jaar.
ii. Die maksimum studietydperk vir die navorsings-LLM-graad is twee jaar vir voltydse en drie jaar vir deeltydse studente. Die verlenging van die tydperke sal alleenlik in buitengewone gevalle oorweeg word in gevolge die bepalings van die Hoër Grade en Nagraadse Studies Beleid.
iii. Die leergang bestaan uit ’n verhandeling van ongeveer 100 bladsye wat in een en ’n half spasiëring op ’n A4 bladsy getik is.
iv. Die student moet ’n persklaar artikel na aanleiding van sy/haar verhandeling voorlê, welke artikel, binne die diskresie van die studieleier, vir publikasie aangebied kan word onder die outeurskap van òf die student alleen òf die student en die betrokke studieleier.

Die navorsings-LLM-graad word in die volgende spesialiseringsrigtings aangebied:

a	Administratiefreg
b	Administratiefreg en Munisipale Reg
c	Arbeidsreg
d	Arbeidsreg en Diensverhoudinge
e	Bankreg
f	Belastingreg
g	Bewysreg
h	Handelsreg
i	Inheemse Reg
j	Internasionale Privaatreg
k	Internasionale Reg
l	Korporatiewereg

m	Menseregte
n	Menseregte en Grondwetpraktyke
o	Privaatreg
p	Regsfilosofie
q	Romeinse Reg
r	Siviele Prosesreg
s	Sosiale Sekerheidsreg
t	Staatsreg
u	Straf-, Strafproses- en Bewysreg
v	Strafprosesreg
w	Strafreg
x	Uitlegleer

LA.7 MAGISTER LEGUM (GEDOSEERD) – LLM (NKR-VLAK 8)

(Sien ook die bepalings van die Akademiese Regulasies en die Beleid vir Hoër Grade en Nagraadse Studies wat op Magistergrade van toepassing is.)

7.1 Studievelde

Die volgende gedoseerde LLM-grade word in 2012 in die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied:

- LLM in Arbeidsreg
- LLM in Bankreg
- LLM in Handelsreg
- LLM in Internasionale Handelsreg
- LLM in Internasionale Reg
- LLM in Korporatiewe reg
- LLM in Menseregte

7.2 Verdere reglemente en inligting

Die gedoseerde modules van die Magister Legum (gedoseerd) word in Engels aangebied. Die skripsie wat deel vorm van die leergang kan in Engels of Afrikaans geskryf word. Sien die Engelse weergawe van die Fakulteitsregulasies vir die reëls en regulasies wat op hierdie kwalifikasies van toepassing is, die betrokke leergange, uitkomste en ander inligting in verband met hierdie gedoseerde modules.

LA.8 MAGISTER PHILOSOPHIAE (GEDOSEERD): MPHIL IN ARBEIDSREG EN DIENSVERHOUDINGE – MPH403 (NKR-VLAK 8)

NB: Hierdie kwalifikasie word uitgefasseer en geen nuwe registrasies sal vanaf 2012 oorweeg word nie.
(Sien ook die bepalings van die Akademiese Regulasies en die Beleid vir Hoër Grade en Nagraadse Studies wat op Magistergrade van toepassing is.)

8.1 Reglemente en inligting

Die gedoseerde modules van hierdie kwalifikasie word in Engels aangebied. Die skripsie wat deel vorm van die leergang kan in Engels of, onderworpe aan die beskikbaarheid van 'n studieleier, in Afrikaans geskryf word. Sien die Engelse weergawe van die Fakulteitsregulasies vir die reëls en regulasies wat op hierdie kwalifikasie van toepassing is, die betrokke leergange, uitkomste en ander inligting in verband met hierdie gedoseerde modules.

LA.9 DOCTOR LEGUM – LLD (NKR-VLAK 8)

(Sien ook die bepalings van die Akademiese Regulasies en die Beleid vir Hoër Grade en NagraadseStudies wat op doktorale studies van toepassing is.)

9.1 Doel van die kwalifikasie

Die doel van hierdie kwalifikasie is om 'n student in staat te stel om 'n bevoegdheid te demonstreer om 'n eie, onderskeidende en nuwe bydrae tot die versameling van kennis oor 'n sekere vakgebied van regstudies te maak.

9.2 Reëls vir toelating

9.2.1 Algemeen

i. Die minimum toelatingsvereiste is 'n LLM-graad (of ekwivalente kwalifikasie) op NKR-vlak 8 en 'n minimum aantal krediete van 892. Kandidate wat aansoek doen om toelating tot doktorale studies moet oor die algemeen hul vorige kwalifikasie met 'n gemiddelde punt van minstens 65% verwerf het.
ii. Die Fakulteitsraad van die Fakulteit Regsgeleerdheid mag van studente vereis om 'n mondelinge eksamen oor gegewe studiemateriaal af te lê om hulle bevoegdheid vir doktorale navorsing te demonstreer voordat hulle tot die kwalifikasie toegelaat word.
iii. Die betrokke Departementshoof mag 'n kandidaat toelaat om te registreer met die doel om leiding te ontvang met die voorbereiding van sy navorsingsvoorstel en om die fasiliteite van die Universiteit daarvoor te benut. Sodanige registrasie skep nie 'n verwagting dat die student aanvaar sal word vir doktorale studies nie. Sodanige registrasie is net voorlopig en is op voorwaarde dat die Fakulteitsraad goedkeuring verleen tot toelating tot die doktorale studies. Die Fakulteitsraad van die Fakulteit Regsgeleerdheid keur die toelating van 'n student goed en beveel die onderwerp van die tesis en die studieleier by die Senaatshoërgradekomitee aan op grond van
   - die akademiese meriete van die student,
   - die vorige kwalifikasies wat deur die student verwerf is,
   - die meriete van die navorsingsvoorstel wat aan die Raad voorgelê is, en
   - die beskikbaarheid en bevoegdheid van 'n fakulteitslid om as promotor vir die studie op te tree.
iv. Werk wat vir regsmodules voorgeskryf is, is in Afrikaans en Engels. Dit is die student se verantwoordelikheid om te verseker dat hy/sy in staat is om die voorgeskrewe werk in beide tale te verstaan.

9.2.2 Erkenning van vorige leer

i. Op grond van die erkenning van vorige leer mag studente toegelaat word, gevorderde plasing verkry of status verleen word, op voorwaarde dat hulle hul studies aan hierdie universiteit voortsit.
ii. Vorige leer word ooreenkomstig die vereistes en prosedures van die Fakulteit Regsgeleerdheid erken.
iii. In die geval van studente wat nie aan die formele toelatingsvereistes voldoen nie, word vorige leer
   - na betaling van die voorgeskrewe gelde in ooreenstemming met die beleid en riglyne van die Universiteit oorweeg,
   - op ander vorms van formele, informele en nie-formele leer en ondervinding gebaseer,
   - slegs oorweeg indien die vorige leer met die vereiste NKR-vlak ooreenstem,
   - erken indien die vorige leer relevant is tot die inhoud en uitkomste van die kwalifikasie sover dit toegepaste bevoegdhede betref,
   - volgens 'n assesseringsprosedure oorweeg wat 'n gemotiveerde aanbeveling deur 'n assesseringspaneel aan die Dekaanskomitee van die Fakulteit Regsgeleerdheid insluit, en
   - finaal oor besluit deur hierdie dekaanskomitee.

9.3 Assessering

9.3.1 Algemeen

i. Geïntegreerde assessering, wat op die bereiking van die uitkomste van die uitgangsvlak gefokus is, sal gedoen word.
ii. Studente word geassesseer op
   - hulle vermoë om 'n verklarende, probleemsensitiewe begrip, wat gebaseer is op die navorsing van bepaalde wette en wetenskaplike geskrifte, van die grondliggende regsbeginsels wat die vakinhoud van die proefskrif tot grondslag lê, te demonstreer,
   - 'n vermoë om dié begrip akkuraat, sistematies en duidelik te kommunikeer, en
   - die bevoegdheid om dié begrip aan te wend om die beginsels in teoretiese konstrukte te ontwikkel wat op gebiede van kennis toegepas word wat nog nie ondersoek of met die betrokke regsgebied geïntegreer is nie, en daardeur 'n nuwe oplossing vir 'n erkende probleem te ontwikkel.
iii. Assessering fokus dus skerp op
   - 'n vertoon van gespesialiseerde kennis, en
   - die vermoë van studente om 'n eie, onderskeidende en oorspronklike bydrae tot die studieveld te maak.
iv. Assessering is op die beginsel van deurlopende en gereelde assessering en volledige en vinnige terugvoer gebaseer.
v. Assessering bestaan uit twee komponente, naamlik formatiewe en summatiewe assessering.

9.3.2 Formatiewe assessering

i. Formatiewe assessering is gerig op die ontwikkeling van 'n lewenslange leerkultuur wat op aaneenlopende selfstudie gebaseer is, asook op die voorbereiding van die student om 'n proefskrif van hoë kwaliteit te skryf.
ii. Tydens die skryf van die proefskrif word van die student verwag om aan 'n aantal seminaarbesprekings oor vakgebiede verwant aan die navorsingsonderwerp deel te neem. Die doel is om die student 'n geleentheid te bied om sy/haar navorsingsvoorstel aan te bied en te verdedig, sy/haar begrip van die studieveld en sy/haar vermoë om doeltreffend oor probleemareas en kwessies te kommunikeer wat aan die navorsingsonderwerp verwant is, te assesseer, en om portuur- en selfassessering aan te moedig. Verder word die student deur hierdie deelname aan gespreksvoering oor die studieveld, en in die besonder, oor die proefskrif, gestimuleer en aangemoedig. Die student moet die resultaat van sy/haar

navorsingsprojek aanbied en terselftertyd die oorspronklikheid daarvan verdedig tydens 'n finale fakulteitseminaar.

iii. Ontmoetings tussen die student en die promotor vind gereeld plaas waartydens alle aspekte van die voorbereiding van die mondelinge eksamen, die navorsingsonderwerp, die navorsing en die skryf en finalisering van die proefskrif bespreek word.

iv. Die promotor assesseer die student deurlopend en, ewe belangrik, begelei hom/haar deur die proses.

9.3.3 Summatiewe assessering

i. As deel van die vereistes vir voltooiing van die graad, moet die kandidaat 'n formele mondelinge eksamen slaag voordat hy/sy mag voortgaan met die skryf van die proefskrif. Die doel van die mondeling is om die student se vermoë te assesseer om die tipe navorsing te doen wat nodig is en om die proefskrif te skryf. Die Fakulteitsraad mag die kandidaat vrystel van die eksamen op grond daarvan dat die kandidaat 'n mondelinge of skriftelike eksamen afgelê het vir doeleindes van verwerwing van 'n vorige kwalifikasie wat genoegsaam die kandidaat se vermoë geassesseer het om die tipe navorsing te onderneem wat nodig is en om die proefskrif te skryf.

ii. Die summatiewe assessering word afgehandel wanneer die proefskrif ingevolge die Akademiese Regulasies en die Hoër Grade en Nagraadse Studies Beleid geassesseer word. Elke eksaminator moet 'n skriftelike verslag inlewer waarin die totale inhoud en die formele aanbieding van die proefskrif geassesseer word.

iii. As 'n verdere demonstrasie van die student se vermoë in hierdie verband, word van die student verwag om 'n publiseerbare artikel wat op die proefskrif gebaseer is, in te lewer. Hierdie artikel mag, na die promotor se oordeel, vir publikasie in 'n regstydskrif onder die outeurskap van die student, of van beide die student en die promotor, voorgelê word.

9.4 Slaagvereistes

Om die kwalifikasie te verwerf moet die proefskrif aanvaar word.

9.5 Leergang

i. Die minimum studietydperk vir die LLD-graad is twee jaar.

ii. Die maksimum studietydperk vir die LLD-graad is vier jaar. Verlenging van hierdie tydperk sal slegs in buitegewone omstandighede oorweeg word en word ingevolge die Hoër Grade en Nagraadse Studies Beleid gehanteer.

iii. Die leergang bestaan uit 'n proefskrif wat 'n oorspronklike bydrae tot die kennis van en insig in die vakgebied maak.

iv. Die student moet 'n persklaar artikel na aanleiding van sy/haar proefskrif voorlê, welke artikel, binne die diskresie van die promotor, vir publikasie aangebied kan word onder die outeurskap van óf die student alleen óf die student en die betrokke promotor.

v. Die LLD-graad word in die volgende spesialiseringsrigtings aangebied:

a	Administratiefreg
B	Bewysreg
C	Handelsreg
D	Inheemse Reg
E	Internasionale Privaatreg
F	Internasionale Reg
G	Menseregte
h	Privaatreg

i	Regsfilosofie
j	Romeinse Reg
k	Siviele Prosesreg
l	Sosiale Sekerheidsreg
m	Staatsreg
n	Strafprosesreg
o	Strafreg
p	Uitlegleer

LA.10 LEERUITKOMSTE EN ASSESSERINGSKRITERIA 2012

10.1 Algemeen

10.1.1 Doel van modules

Die oorkoepelende doel van hierdie modules is om studente in staat te stel om die doel van die kwalifikasie te vervul, naamlik om 'n basiese kennis en begrip van die voorgeskrewe materiële reg, asook die basiese bevoegdheid en basiese praktiese vaardighede te verkry wat hulle in staat sal stel om die materiële reg formeel in die bekwame en doeltreffende voorsiening van regsdienste aan die gemeenskap toe te pas.

10.2 BA(Regte), BCom(Regte) en LLB Grade: Module-inligting 2012

10.2.1 Administratiefreg (ADR0021)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
Dié kursus het ten doel om die leerder in die grondwetlike hersiening van die administratiewe handelinge van die staat te onderrig, aan die hand van die gemeenregtelike en grondwetlike vereistes vir geldige administratiewe handelinge en die staatsregtelike voorvereistes vir die uitoefening van staatsamptenare se magte en funksies.	6	16

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. kennis van die bronne van die administratiefreg te demonstreer	1.1 die verhouding tussen die gemeenregtelike bronne en die Grondwet te verduidelik 1.2 die funksie van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid te verduidelik
2. 'n administratiewe handeling van die staat te omskryf	2.1 relevante gesag hieroor te toepas 2.2 die bepalings van die Wet hieroor te interpreteer
3. die grondwetlike voorvereistes vir 'n billike administratiewe handeling te noem	3.1 te verduidelik wat met 'n redelike, regverdige en prosessueel billike administratiewe handeling bedoel word
4. die prosessuele voorvereistes vir 'n geldige administratiewe handeling uiteen te sit	4.1 die prosessuele voorvereistes rakende die magte en funksies van die funksionaris en die oogmerke van die handeling toe te pas
5. die hersieningsbevoegdheid van die howe te verduidelik	5.1 die gronde vir hersiening te verduidelik 5.2 die verskillende regsmiddele te omskryf wat die howe kan oorweeg

10.2.2 Arbeidsreg (ABR0021)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
• Die doel van hierdie module is om studente in staat te stel om die kennis en vaardighede te verkry om die materiële reg in praktiese gevalle te toepas. • 'n Student wat hierdie module suksesvol voltooi het, sal oor voldoende kennis beskik om 'n verskeidenheid arbeidsregdispute te identifiseer en te klassifiseer. • Die student sal vertroud wees met relevante materiële reg, soos dit in die gemene reg, individuele dienskontrakte én kollektiewe arbeidsreg en -wetgewing aangetref word.	7	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. basiese arbeidsregdispute te identifiseer en op te los	1.1 'n feitestel te ontleed ten einde te bepaal watter bronne gepas en relevant is 1.2 die materiële reg te beskryf wat in enige gegewe geval van toepassing is 1.3 'n feitestel op te los deur die relevante kontraktuele en statutêre beginsels, asook regspraak te te toepas
2. die belang en funksionering van wetgewing ten opsigte van billike arbeidsgeleenthede in die werkplek te oorweeg en te evalueer	2.1 die uitwerking en belang van die billikheidsbepaling in die Handves van Regte vir doeleindes van die arbeidsreg te beskryf 2.2 die bepalings van die *Employment Equity Act* 55 van 1998 te ontleed en op feitestelle toe te pas
3. die belang van vryheid van assosiasie in die Suid-Afrikaanse arbeidsreg te evalueer	3.1 die huidige beskerming van vryheid van assosiasie in Suid Afrika te assesseer deur na beide die Grondwet en die Wet op Arbeidsverhoudinge te verwys 3.2 'n oorsig van die wigte en teenwigte te gee wat in die statutêre regulering van vryheid van assosiasie voorkom 3.3 tussen die positiewe reg van vryheid van assosiasie en die negatiewe reg om nie te assosieer nie te onderskei
4. die regulering van kollektiewe arbeidsverhoudinge in Suid Afrika te herken en te evalueer	4.1 die statutêre bepalings op te noem wat by die kollektiewe verhouding tussen werkers en/of hulle verteenwoordigers en werkgewers of werkgewersorganisasies relevant is 4.2 die belang van organiseringsregte van vakbonde te herken en die vereistes vir die kwalifisering vir sodanige regte te formuleer 4.3 'n begrip van die belang van nywerheidsvrede in diensverhoudinge te demonstreer 4.4 'n feitestel te evalueer ten einde te bepaal of daar sprake van 'n beskermde of onbeskermde nywerheidsaksie is en ook die gevolge daarvan te bepaal 4.5 'n kollektiewe ooreenkoms te omskryf en te demonstreer wanneer sodanige ooreenkoms as 'n geldige en afdwingbare ooreenkoms beskou sal word

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
5. die regte en verpligtinge van die individuele diensverhouding af te dwing	5.1 die gemeenregtelike regte en verpligtinge van die onderskeie partye tot die diensverhouding te beskryf 5.2 te verduidelik watter impak wetgewing op die individuele diensverhouding het 5.3 die vermoë te illustreer om feitestelle rakende ontslag te kan oplos deur die reg op onbillike ontslag op sodanige feitestelle toe te pas
6. die relevante dispuutroetes en -prosedures vir 'n arbeidsregdispuut aan te dui en te evalueer	6.1 die gepaste forum te kies waar 'n dispuut moet voorkom 6.2 die verskillende dispuutroetes en -prosedures te vergelyk 6.3 die sterk en swak punte van verskillende dispuutroetes en -prosedures te beskryf en te evalueer 6.4 'n kliënt oor aspekte soos die reg van verteenwoordiging, tydraamwerke, die reg van appèl of hersiening en moontlike remedies in 'n bepaalde feitestel te adviseer

10.2.3 Belastingreg (BRE0011)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module geslaag het, sal oor 'n grondige kennis van die beginsels van die belastingreg beskik. Alhoewel die module teoreties van aard is, word die algemene beginsels met praktiese voorbeelde toegelig.	7	16

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. kennis en begrip aan te dui van wanneer 'n individu kragtens die Suid Afrikaanse Inkomstebelastingwet vir die betaling van inkomstebelasting aanspreeklik sal wees	1.1 elke element van die bruto-inkomsteformule deeglik te bespreek 1.2 direkte en indirekte belasting in Suid Afrika te bespreek 1.3 die rol, funksie en doel van SAID *(SARS)* te bespreek
2. kennis en begrip te illustreer van hoe die belastingaanspreeklikheid van 'n inwoner en dié van 'n nie-inwoner verskil	2.1 te verduidelik wanneer 'n persoon as 'n inwoner van die Republiek beskou sal word 2.2 te bepaal of inkomste uit 'n bron in die Republiek ontvang is of uit 'n bron in die Republiek geag word 2.3 spesifieke insluitings, sowel as gedeeltelike en algehele vrystellings te identifiseer

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
3. kennis en begrip aan te dui oor hoe sake-entiteite in Suid-Afrika kragtens die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet 58 van 1962 belas sal word	3.1 die belastingaanspreeklikheid van 'n maatskappy te bepaal, veral met verwysing na die wysigings wat op 1 Oktober 2007 ingetree het 3.2 die belastingaanspreeklikheid van beslote korporasies met dié van 'n maatskappy te vergelyk. 3.3 die belastingaanspreeklikheid van 'n vennootskap te bespreek 3.4 die belastingaanspreeklikheid van 'n trust krities te bespreek. 3.5 die kapitaalwinsbelasting te bespreek wat moontlik op elk van die bogenoemde entiteite gehef kan word
4. die beginsels wat op skenkingsbelasting van toepassing is, te begryp en verstaan	4.1 die items te identifiseer wat van skenkingsbelasting vrygestel is en ook die rede daarvoor te bespreek 4.2 die huidige koers van skenkingsbelasting ken
5. die vermydingsbepalings soos aangetref in die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 te kan verduidelik en illustreer	5.1 die verskil tussen belastingvermyding en belastingontduiking volledig te bespreek 5.2 die wysigings ten opsigte van artikel 103 te bespreek, asook 'n kritiese ontleding te verskaf van hoe artikel 103 van artikel 80 verskil

10.2.4 Bewysreg en Litigasietegnieke BWR0000

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module suksesvol voltooi het, sal in staat wees om die beginsels van die bewysreg te identifiseer, toelaatbaarheidsvrae te beantwoord, die verskillende beginsels van die bewysreg op feitestelle toe te pas en litigasiestrategieë en -tegnieke op 'n praktiese vlak te bemeester.	6	32

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. die oorsprong van die bewysregbeginsels te identifiseer	1.1 aan te dui waar die bewysreg in die breë regstelsel inpas 1.2 die verskillende fases in die ontwikkeling van die bewysreg weer te gee 1.3 tussen die verskillende bewysregbegrippe te onderskei 1.4 die verskillende bewysregbronne uit te ken en te kan vasstel wat die toepassing daarvan binne 'n bepaalde feitesituasie sal wees
2. toelaatbaarheidsprobleme te begryp wat op die verhouding tussen relevansie en toelaatbaarheid betrekking het	2.1 die verskille tussen relevansie en toelaatbaarheid van getuienis te herken

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
3. begrip en kennis van verskeie toelaatbaarheidsvrae te demonstreer	3.1 die vyf basiese relevansietoepassingsgebiede (wat op vroeëre gelykluidende verklarings, gelyksoortige feite, karaktergetuienis, sydelingse feite en opiniegetuienis betrekking het) uit te ken en te formuleer 3.2 die vyf meer spesifieke toelaatbaarheidsvrae (wat op bevoegdheid en verpligbaarheid, privilegie, hoorsêgetuienis, dokumentêre bewys, asook erkennings en bekentenisse betrekking het) uit te ken en te formuleer
4. verskeie bewysregbeginsels op feitestelle toe te pas	4.1 te herken wanneer 'n reël of toelaatbaarheidsbeginsel op 'n feitestel van toepassing is en of die feite daarop dui dat die uitsonderings op die reël relevant is 4.2 te argumenteer dat sekere getuienis binne 'n bepaalde scenario (on)toelaatbaar gereël behoort te word deur die relevante toelaatbaarheidsreëls te integreer 4.3 getuienis te evalueer 4.4 tussen die begrippe bewyslas en weerleggingslas te onderskei deur 'n opinie te formuleer oor op watter party watter las in 'n bepaalde feitesituasie rus 4.5 tussen verskillende bewysmaatstawwe in straf- en siviele verhore te onderskei
5. gevorderde bevoegdheid ten opsigte van strategieë en litigasietegnieke prakties te demonstreer	5.1 aan te dui watter vereistes en vaardighede nodig is ten einde 'n bevoegde onderhandelaar en litigeerder te wees 5.2 verskillende litigasietegnieke te identifiseer 5.3 binne 'n bepaalde feitesituasie die volgende tegnieke weer te gee: hoofondervraging, kruisondervraging, herondervraging en betoë

10.2.5 Capita Selecta: Handelsreg (HRA0021)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
• 'n Student wat die intellektuele-eiendomsafdeling van hierdie module voltooi het, sal oor die nodige kennis beskik om uitgebreide advies oor die basiese probleme te gee wat op die gebied van die intellektuele eiendomsreg teëgekom word. • 'n Student wat die versekerings- en vergoedingsafdelings van hierdie module voltooi het, sal oor die nodige kennis beskik om uitgebreide advies oor die basiese probleme te gee wat op die gebied van die versekerings- en derdepartyvergoedingsreg teëgekom word. • 'n Student wat die mededingingsafdeling van hierdie module voltooi het, sal oor die nodige kennis beskik om uitgebreide advies oor die basiese probleme te gee wat op die gebied van die mededingingsreg teëgekom word.	7	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	**Assesseringskriteria** Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. 'n oorsig van die ontstaan en regsaard van immaterieelgoedereregte (IMG) te gee en tussen die verskeie IMG-regte te onderskei	1.1 die ontstaan van IMG kortliks te bespreek 1.2 'n opstel oor die regsaard van IMG-regte te skryf 1.3 kopiereg, handelsmerke, patente en geregistreerde ontwerpe te identifiseer en van mekaar te onderskei 1.4 te verduidelik watter IMG-reg 'n betrokke konsep beskerm
2. elkeen van die IMG-regte (kopiereg, handelsmerke, patente en geregistreerde modelle) te bespreek en te identifiseer	2.1 die internasionale ooreenkomste en die nasionale wetgewing op te noem wat elk van die onderskeie IMG-regte beskerm, asook die interaksie tussen die internasionale ooreenkomste en die nasionale wetgewing te bespreek 2.2 'n kort historiese oorsig van elke IMG-reg te gee 2.3 die vereistes vir elke IMG-reg onderskeidelik te verduidelik, identifiseer en krities te bespreek 2.4 aan te dui en te identifiseer watter werke vatbaar vir beskerming met betrekking tot 'n spesifieke IMG-reg is en watter nie 2.5 die registrasieproses en die vereistes vir registrasie ten aansien van handelsmerke, patente en geregistreerde ontwerpe aan 'n kliënt kan verduidelik 2.6 te verduidelik wie die eienaar van die onderskeie IMG-regte is 2.7 te weet wat die lewensduur van elke onderskeie IMG-reg is 2.8 die oordrag van eienaarskap van IMG-regte te bespreek
3. die skending ten aansien van IMG-regte te kan evalueer en die mees toepaslike remedies vir 'n kliënt in elke betrokke geval te kan aanbeveel	3.1 te identifiseer wanneer 'n IMG-reg geskend is 3.2 tussen direkte en indirekte skending van kopiereg te onderskei 3.3 'n kliënt van basiese advies aangaande die verwere ten aansien van die skending van IMG-regte te voorsien 3.4 basiese advies aangaande die toepaslike remedies ingeval van die skending van IMG-regte aan 'n kliënt te gee
4. 'n oorsig van die oorsprong, historiese ontwikkeling en bronne van die versekeringskontrak te gee en versekeringskontrakte te kan klassifiseer	4.1 'n opstel oor die ontwikkeling van die versekeringskontrak in Suid-Afrika te skryf 4.2 te verduidelik waarom dit nodig is om tussen die verskillende versekeringskontrakte te kan onderskei 4.3 tussen die volgende te onderskei: - Skade- en sommeversekering - Eiendoms- en aanspreeklikheidsversekering - Korttermyn- en langtermynversekering - 'n Getakseerdeversekeringskontrak en 'n ongetakseerdeversekeringskontrak - Onderlinge versekering en premie- (of wins-) versekering en -Private en sosiale versekering

Leeruitkomste	**Assesseringskriteria**
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
5. die aard en kenmerke van die versekeringskontrak te verduidelik	5.1 krities kommentaar oor die grondslag van versekering te lewer deur, onder andere, die begrip van verlies of skade in die skadevergoedingsreg te kan beskryf 5.2 kommentaar oor die tradisionele skadeloosstellingsteorie te lewer en dié teorie op moderne versekeringskontrakte te toepas 5.3 die belange aan te dui wat onder sommeversekering verseker kan word
6. awery, subrogasie en waarborge in die versekeringskontrakkonteks te verduidelik en dié beginsels op gevallestudies toe te pas	6.1 die beginsel van awery te verduidelik en dit op ‘n praktiese probleem toe te pas 6.2 die regsaard van wanvoorstelling krities te verduidelik en tussen wanvoorstelling en waarborgbreuk te onderskei 6.3 die nuwe art. 59(1) van die LVW en art. 53(1) van die KVW te bespreek wat deur die Wysigingswet op die Versekeringsreg ingestel is, aan te dui hoe hierdie bepalings die regsposisie ten opsigte van wanvoorstelling en versekeringswaarborge verander, en dié wysigings te kritiseer 6.4 te verduidelik wat met subrogasie bedoel word deur die doel van subrogasie, die regte van die versekeraar onder subrogasie, die uitwerking van subrogasie op derdes te verduidelik en dié kennis op praktiese probleme toe te pas
7. die belangrikheid van derdepartyvergoeding te beoordeel	7.1 die regsbronne te identifiseer en toe te pas wat op derdepartyvergoedingsreg van toepassing is 7.2 krities kommentaar oor die belangrikheid van derdepartyvergoedingsreg in die konteks van bestaansbeskerming te lewer
8. die regsbasis van derdepartyvergoeding te verduidelik en dié kennis op regsprobleme toe te pas	8.1 die vereistes vir die POF se aanspreeklikheid met betrekking tot art. 17(1)(a) van die Wet op te noem in omstandighede waar die identiteit van die bestuurder bekend is 8.2 die algemene betekenis van ‘n “derde party” te verduidelik en aan te dui tussen watter soorte derde partye daar onderskei word 8.3 dié persone wat derde partye is, te identifiseer op grond van die feit dat hulle of ander persone liggaamlike beserings opgedoen het 8.4 te verduidelik watter eisers daarop geregtig is om as gevolg van die dood van andere van die POF te eis en die kennis op regsprobleme toe te pas, 8.5 kommentaar oor die aanspreeklikheid van die POF met verwysing tot die uitsluitings en beperkings in artikels 17 en 19 van die Wet te lewer en ook sy/haar kennis op praktiese probleme toe te pas
9. die wysigings aan die Padongelukkefondswet te ontleed	9.1 die nuutste wysigings aan die Padongelukkefondswet te noem, verduidelik en kritiseer 9.2 te verduidelik hoe die nuwe wysigings ’n potensiële eiser se regte gaan raak

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
10. die gemeenregtelike beginsels wat mededinging reguleer, te verduidelik.	10.1 'n kort oorsig ten opsigte van die historiese ontwikkeling van mededingingsreg te gee 10.2 onregmatige mededinging te omskryf 10.3 die vereistes vir onregverdige mededinging in besonderhede te bespreek 10.4 basiese advies aan 'n kliënt te gee oor aangeleenthede wat met "afsmering" ("passing off")verband hou 10.5 die beginsels wat *werfkrag* onderlê in besonderhede te bespreek 10.6 advies oor die gemeenregtelike remedies in geval van onregmatige mededinging aan 'n kliënt te gee
11. basiese advies t.o.v. die belangrikste bepalings van die Wet op Mededinging 89 of 1998 te kan gee	11.1 die toepassingsgebied van die Wet te verduidelik 11.2 onderskeid tussen die verskeie beperkinge soos deur die Wet bepaal, te tref 11.3 'n kliënt oor die meganismes (prosesse en prosedures) te adviseer wat die Wet daarstel ten einde onregmatige mededinging te reguleer 11.4 die verpligtinge van die Mededingingskommissie en –tribunaal te noem 11.5 'n kliënt van advies oor die remedies te bedien wat in geval van onregmatige mededinging beskikbaar is

10.2.6 Capita Selecta: Privaatreg A (PRA0021)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module geslaag het, sal oor kennis beskik – • van die beginsels van die materiële reg met betrekking tot eise wat op ongeregverdigde verryking en 'n verweer wat op estoppel gegrond is; • die inhoud, onderliggende beleid en impak van wetgewing oor verbruikersbeskerming in Suid-Afrika.	7	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. die posisie van die verrykingsreg binne die regstelsel te identifiseer	1.1 die posisie van die verrykingsreg binne die vermoënsreg in die algemeen en die verbintenisreg in die besonder te identifiseer en te verduidelik 1.2 die praktiese belang van die posisie van die verrykingsreg binne die vermoënsreg in die algemeen en die verbintenisreg in die besonder te verduidelik

Leeruitkomste	**Assesseringskriteria**
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
2. die afsonderlike aksies van verrykingsreg wat gemeenregtelik ontwikkel het, te identifiseer en met inagneming van die ontwikkeling van 'n algemene verrykingsaksie daaraan inhoud te gee	2.1 die verskillende afsonderlike verrykingsaksies op te noem en te bespreek aan die hand van die verskillende omstandighede waarin hulle in die Suid-Afrikaanse reg van toepassing is 2.2 'n vergelyking tussen die moontlike vereistes van 'n algemene verrykingsaksie en die vereistes van die afsonderlike gemeenregtelike aksies te tref en die praktiese belang daarvan aan die hand van 'n feitestel te verduidelik 2.3 'n kritiese opinie ten opsigte van die ontwikkeling, aard en omvang van 'n algemene verrykingsaksie te lewer, met inagneming van 'n historiese perspektief, moderne ontwikkelinge in die Suid-Afrikaanse reg en ondervindings wat in vergelykbare regstelsels opgedoen is
3. die oorsprong en ontwikkeling van en die bestaansrede vir die leerstuk van estoppel te oorweeg	3.1 in staat is om te verduidelik waarom die verweer van estoppel uniek is in die sin dat dit nie die regsposisie van die partye daarby betrokke verander n ie 3.2 in staat is om die probleme wat uit die uniekheid van die verweer spruit te verduidelik, in besonder die gevolge van 'n suksesvolle beroep op estoppel op eiendomsreg en derde partye
4. die werking van die verweer van estoppel te verduidelik	4.1 in staat is om die verskillende gekristalliseerde vereistes, elemente en kwalifikasies van die verweer van estoppel in 'n gegewe feitestel te identifiseer en toe te pas 4.2 in staat is om die perke van estoppel as 'n verweer gebaseer op billikheid te herken en te verduidelik
5. die inhoud, onderliggende beleid en impak van wetgewing oor verbruikersbeskerming in Suid-Afrika te verstaan en te beoordeel	5.1 in staat is om Suid-Afrika se internasionale verpligtinge met betrekking tot verbruikersbeskerming te identifiseer 5.2 in staat is om die verband tussen die Konsepwet/Wet op Verbruikersbeskerming en ander, bestaande wetgewing te verduidelik 5.3 in staat is om die belangrikste bepalings van die Konsepwet/Wet op Verbruikersbeskerming te identifiseer, verduidelik en toe te pas 5.4 in staat is om die definisies wat in die Konsepwet/Wet op Verbruikersbeskerming vervat is te verstaan en die praktiese implikasies daarvan te verduidelik 5.5 in staat is om die impak van die Konsepwet/Wet op Verbruikersbeskerming op aspekte soos bemarking, besigheidstransaksies, kontrakte en interaksie met verbruikers te verduidelik met verwysing na praktiese voorbeelde

10.2.7 Capita Selecta: Privaatreg B (PRB0021)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module voltooi het, sal oor die vermoë beskik om betroubare advies oor die gevorderde aspekte van die huweliksgoederereg, trust- en erfreg en die reg van saaklike sekuriteit te gee.	7	16

Leeruitkomste	**Assesseringskriteria**
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. aspekte van huweliksgoederereg ooreenkomstig die verskillende huweliksvermoënsregtelike bestelle te identifiseer	1.1 tussen die verskillende huweliksvermoënsregtelike bestelle en die gevolge van elk te onderskei 1.2 die implikasies van testeervryheid in samehang met die onderhoudsverpligtinge van die boedel jeens die langslewende gade of lewensgenoot en afhanklikes te beskryf
2. tussen aspekte van huweliksvermoënsreg en aspekte van die erfreg en die verlengde onderhoudsaansprake van die langslewende gade en afhanklikes te onderskei	2.1 die gevolge van 'n huwelik in of buite gemeenskap van goed, met of sonder aanwasdeling, te beskryf 2.2 advies te gee oor die implikasies vir gades en derdes as skuldeisers vir dienste wat gelewer is of goedere wat aan die huishouding verskaf is, 2.3 advies aan partye te gee wat in litigasie tussen gades betrokke is en in dié verband tussen skadevergoedings- en troosgeldvorderings te onderskei 2.4 die beginsels op gerapporteerde regspraak toe te pas
3. die verskillende regsfigure te identifiseer wat vir die testateur in sy boedelbeplanning beskikbaar is, maar met uitsluiting van die boedelbelastingimplikasies wat in 'n afsonderlike kursus vir belastingreg aangespreek word.	3.1 die vereistes vir 'n geldige testament met toepassing op 'n stigting en 'n trust en met toepassing van die regsbeginsels op die regspraak te identifiseer
4. saaklike sekerheidsregte te identifiseer en van persoonlike sekerheid te onderskei	4.1 saaklike sekerheidsregte van persoonlike sekerhede te onderskei
5. die vereistes van die verskillende uitdruklike en tradisionele stilswyende sekerheidsregte te ken en toe te pas	5.1 die vereistes van verbandregte en pandregte te ken en dit krities aan die hand van gerapporteerde regspraak toe te lig 5.2 die vereistes van stilswyende hipoteke en terughoudingsbevoegdhede te ken en, met verwysing na die regsvergelykende posisie in ander regstelsels, dit krities aan die hand van die gerapporteerde regspraak toe te pas,
6. fidusiêre eiendomsoordrag as besitlose sekerheidsreg krities aan te wend	6.1 die aanwending van fidusiêre eiendomsreg as sekerheidsvorm krities toe te pas en dienooreenkomstig kritiese advies, met toeligting aan die hand van gerapporteerde regspraak, te verskaf

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
7. die vereistes vir en kenmerke van statutêre besitlose sekerheidsregte, met inbegrip van die vereistes van Wette 57 en 59 van 1993 en die tersaaklike regulasies, te ken	7.1 die verskillende statutêre besitlosesekerheidsvorme te onderskei, die vereistes vir elk te ken en dit aan die hand van die regspraak met verwysing na die verbandhoudende ervaring in vreemde regstelsels toe te pas

10.2.8 Deliktereg (DER0000)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat deliktereg suksesvol voltooi het, sal oor voldoende kennis en begrip van deliktereg beskik om deliktesake en -dispute onafhanklik te ontleed en 'n mening te vorm oor hoe die Suid-Afrikaanse howe 'n spesifieke saak of dispuut stellig sal hanteer.	6	32

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. aan te dui dat hy/sy 'n voldoende kennis van die deliktereg het om sake en probleme oor die deliktereg onafhanklik te kan ontleed	1.1 die algemene elemente van 'n delik op te noem en te bespreek 1.2 'n gevallestudie te beoordeel en aan te dui watter elemente van 'n delik na gelang van die geval aanwesig of afwesig is 1.3 tussen gevalle te onderskei waar skuld as 'n element van 'n delik aanwesig en afwesig is
2. die vermoë te illustreer om 'n opinie te vorm oor hoe die Suid-Afrikaanse howe spesifieke sake of dispute sal beoordeel	2.1 die algemene elemente van 'n delik te interpreteer en op 'n gevallestudie toe te pas 2.2 te beskryf hoe howe in die verlede soortgelyke sake hanteer het en of daar enige rede is om van so 'n benadering tot 'n dispuut af te wyk
3. aan te dui dat hy/sy in staat is om werklike of fiktiewe sake te ontleed en 'n regsopinie daaroor te gee	3.1 die feite van 'n saak teen die algemene elemente van 'n delik te toets 3.2 'n opstel te skryf wat op 'n koherente wyse 'n gestaafde opinie oor die aard en gevolge van 'n spesifieke doen of late gee
4. kennis en begrip van spesifieke gevalle van vermoënskade en nievermoënskade te illustreer	4.1 die grondslag vir 'n deliktuele aksie te herken (of dit vermoënskade of nie-vermoënskade is nie) 4.2 die vereistes vir die vergoeding van sodanige skade te beskryf

10.2.9 Erfreg (ERF0011)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module voltooi het, sal oor kennis van die Suid-Afrikaanse erfreg beskik en sal in staat wees om dié kennis toe te pas.	6	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. oor kennis van die reëls en beginsels van die Suid-Afrikaanse intestate erfreg te beskik en om dié kennis te kan toepas	1.1 die bepalings van die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987 te ontleed en toe te pas 1.2 die gemeenregtelike bepalings in hierdie verband te ontleed en toe te pas 1.3 die invloed van inheemse en religieuse regstelsels in hierdie verband vas te stel
2. oor kennis van die reëls en beginsels van die Suid-Afrikaanse testate erfreg te beskik en om dié kennis te kan toepas	2.1 die bepalings van die Wet op Testamente 7 van 1953 (insluitend die bepalings oor bevoegdheid, testamentsformaliteite, herroeping van testamente, herlewing van testamente en substitusie) te ontleed en toe te pas 2.2 die bepalings van die gemene reg in hierdie verband (insluitend die reëls en beginsels oor bevoegdheid, herroeping van testamente, herlewing van testamente, voorwaardes, termynbepalings, substitusie, *fideicommissum*, vruggebruik, trust, stigting, boedelsamesmelting, aanwas, inbring, *pactum successorium*, *pactum de non succedendo*, interpretasie van testamente, regstelling van testamente en internasionale erfopvolging) te ontleed en toe te pas

10.2.10 Handves van Regte (HRE0021)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module suksesvol voltooi het, beskik oor genoeg kennis en tegnieke om die algemene bepalings van die Suid-Afrikaanse Handves van Regte op die besondere regte toe te pas en om praktiese probleme in verband met die skending van regte op te los.	7	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. die reëls te formuleer en toe te pas wat van toepassing op die uitwerking van die inwerkingtreding van die Handves van Regte op wetgewing, privaat en staatsoptrede en hangende regsgedinge is	1.1 die uitwerking van die inwerkingtreding van die Handves op besondere wette, reëls van die gemene reg, handelinge wat voor die inwerkingtreding verrig is en hangende regsgedinge te bepaal

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	**Assesseringskriteria** Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
2. die bronne te identifiseer en te gebruik wat gebruik moet word om die Handves van Regte uit te lê	2.1 te beskryf wat die uitleg van die Handves van Regte behels 2.2 die bronne wat in enige besondere uitspraak gebruik is, te identifiseer en te ontleed 2.3 die uitwerking van die Handves van Regte op die uitleg van ander regsreëls te bepaal
3. die beginsels in verband met die draers van regte in die Handves van Regte te kan omskryf	3.1 die draers van enige besondere reg in die Handves van Regte te identifiseer 3.2 enige reg en enige regspersoon te ontleed om te bepaal of daardie regspersoon die draer van daardie reg is
4. die gedrag en belange te kan identifiseer wat deur die regte in die Handves van Regte beskerm word en die belang van sodanige identifikasie vir die beperking van regte te kan beskryf	4.1 die verskillende maniere aan te dui waarop die gedrag en belange in die formulering van die regte voorkom 4.2 die verskille tussen die identifikasie van die beskermde gedrag en belange by die formulering van 'n reg en die beperking van die reg te bespreek
5. die beginsels te formuleer wat van toepassing op die identifikasie van die persone en instansies is wat deur die Handves van Regte gebind word en hulle pligte vas te stel	5.1 te verduidelik hoe die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag deur die Handves van Regte gebind word 5.2 'n oorsig van die teorieë en hofbeslissings oor die toepassing van die Handves van Regte op die privaatreg en private verhoudings te gee 5.3 probleme in verband met die toepassing van die Handves van Regte op private verhoudings in verskillende regsgebiede op te los
6. die beginsels en die reëls in verband met die beperking van regte te kan ontleed en toepas	6.1 die verskillende maniere te beskryf waarop vir die beperking van regte in die teks van 'n Handves van Regte voorsiening gemaak kan word 6.2 die verskillende elemente van die algemene beperkingsbepaling te bespreek en toe te pas 6.3 die verskynsel van besondere beperkingsbepalings te verduidelik en sulke beperkingsbepalings in die teks van die Handves van Regte te identifiseer 6.4 die uitwerking van die beperkingsbepalings op grondwetlike bepalings buite die Handves van Regte te ontleed

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
7. die algemene beginsels van die Handves van Regte onderling te kan integreer en op geselekteerde regte, byvoorbeeld die regte van gelykheid, menswaardigheid, persoonlike vryheid en sekerheid, vryheid van uitdrukking, eiendom en die maatskaplike en ekonomiese regte te kan toepas	7.1 die gedrag en belange van 'n bepaalde reg te identifiseer en te verduidelik hoe dit in verband staan met, of verskil van die gedrag en belange wat deur ander regte beskerm word 7.2 te verduidelik wie die draers van 'n bepaalde reg is 7.3 al die persone en instansies te identifiseer wat deur 'n bepaalde reg gebind word en die pligte van sulke persone en instansies te identifiseer 7.4 die algemene en besondere beperkingsbepalings op gevalle toe te pas waarin die besondere reg na bewering beperk is 7.5 die uitwerking van die bepaalde reg op verskillende regsgebiede te illustreer

10.2.11 Inheemse Reg (IRG0021)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat die module suksesvol afgehandel het, het die nodige kennis van inheemse reg binne die konteks van regspluralisme opgedoen. Op 'n praktiese vlak sal die student die invloed van inheemse reg binne die diverse Suid-Afrikaanse regsgemeenskap kan verstaan en dit op 'n regsvergelykende manier kan toepas.	5	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. die nodige kennis van inheemse reg binne die grondwetlke konteks te kan demonstreer	1.1 die bepalings van die Grondwet rakende die Inheemse reg toe te pas 1.2 die grondwetlike raamwerk te skets waarbinne die inheemse reg toegepas word en die uitwerking en invloed van die Grondwet te bespreek
2. die nodige kennis van inheemse reg binne die konteks van regspluralisme te kan demonstreer	2.1 inheemse reg as studieveld te bespreek wat as een van baie stelsels in Suid-Afrika toegepas word
3. oor 'n diepe begrip van die erkenning en toepassing van die inheemse reg te beskik	3.1 die toepaslike wetgewing en hofbeslissings en die onderliggende beginsels te bespreek
4. die regsbeginsels rakende die gewoonteregtelike familiereg, sakereg, kontraktereg en deliktereg te kan ontleed en te kan toepas	4.1 die reëls te identifiseer wat onderliggend aan gewoontereg, deliktereg, kontraktereg, erfreg, sakereg en familiereg is en dit in 'n feitestel toe te pas
5. 'n grondige kennis van inheemse reg en onderliggende beginsels te illustreer	5.1 die altyd veranderende en dinamiese aard van die inheemse reg en die gemeenskap waarbinne dit toepassing vind, te verstaan

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
6. 'n kennis van die tradisionelehofstelsel en sy onderliggende reëls en prosesse te openbaar	6.1 'n hof te omskryf 6.2 die prosedures en reëls toe te pas wat op die tradisionele hofstelsel van toepassing is
7. die status en posisie van tradisionele leiers en regering te kan ontleed	7.1 die rol en posisie van tradisionele leiers te bespreek
8. die invloed van die inheemse reg op 'n praktiese vlak, binne die diverse regspluralistiese bestel in Suid-Afrika, te verstaan en regsvergelykend daarmee te werk	8.1 die impak van die inheemse reg te evalueer op die lewens van diegene waarop dit binne die regspluralistiese gemeenskap in Suid-Afrika van toepassing is

10.2.12 Inleiding tot Regstudie (IRS0000)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
• Die doel van die module is om die student toe te rus om aan die vereistes van die kwalifikasie te voldoen, naamlik dat studente oor 'n basiese kennis en begrip van die voorgeskrewe materiële reg beskik, asook oor die basiese bevoegdheid en praktiese vaardighede wat hulle in staat sal stel om die materiële reg op die effektiewe lewering van regsdienste aan die gemeenskap toe te pas. • 'n Student wat die kursus suksesvol voltooi het, behoort toegerus te wees om die uitdagings en probleme die hoof te bied wat 'n regstudent waarskynlik gedurende sy/haar studies sal teëkom. Die kursus bestaan dus uit drie komponente: 1) teorie (bv. weeklikse lesings en skriftelike akademiese opdragte); 2) praktiese blootstelling (bv. hofbesoeke en gaslesings deur lede van die regsprofessie); en 3) vaardigheidsontwikkeling (bv. biblioteekoriëntering, rekenaaropleiding, skynhofverrigtinge en werkswinkels wat daarop gerig is om studie- en lewensvaardighede te verbeter.	5	32

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. te demonstreer dat hy/sy toegerus is om die uitdagings en probleme die hoof te bied wat 'n eerstejaarregstudent waarskynlik tydens sy/haar studies sal teëkom	1.1 te demonstreer dat hy bevredige blootstelling aan • teorie (bv. gestruktureerde lesings en weeklikse opdragte), • die praktyk (bv. hofbesoeke en gaslesings deur verskeie lede van die regsprofessie), en • vaardigheidsontwikkeling (bv. biblioteekoriëntering, rekenaaropleiding, skynhofverrigtinge en werkswinkels wat daarop gerig is om studie- en lewensvaardighede te ontwikkel) gekry het

Leeruitkomste	**Assesseringskriteria**
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
2. die begrippe “die reg” en “regsreëls” te verduidelik/verklaar en basiese regsteorie te verstaan	2.1 die kenmerke van regsreëls te verduidelik; 2.2 regsreëls van ander reëls, bv. natuurwette, te onderskei 2.3 tussen natuurreg en regspositivisme te onderskei
3. die onderskeie bronne van die Suid-Afrikaanse reg te kan identifiseer en te weet hoe om elke bron te vind en te interpreteer	3.1 te weet hoe en waar om elkeen van hierdie bronne te vind 3.2 tussen die primêre en die sekondêre regsbronne te onderskei 3.3 basiese regsprobleme/gevallestudies met verwysing na wetgewing, regspraak, handboeke en regstydskrifte op te los 3.4 ‘n ingeligte besluit met betrekking tot die korrekte interpretasie van elke bron te neem 3.5 die Latynse terminologie te verstaan wat in elke bron voorkom
4. regsnavorsing te doen en ‘n skriftelike akademiese opdrag voor te berei	4.1 behoorlike regsnavorsing te doen 4.2 ‘n begrip van belangrike regsbegrippe te toon deur regsprobleme te ontleed, regsreëls toe te pas, duidelik en logies te skryf en akademiese skryfwerk behoorlik te struktureer 4.3 te weet wat behoorlike verwysings behels 4.4 te verstaan hoe om voetnote in tydskrifartikels te lees en te interpreteer 4.5 te verstaan wat plagiaat behels
5. die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse reg te verduidelik en die rol van regsgeskiedenis in die huidige konteks te verstaan	5.1 die grondslae van die regstelsel te verduidelik; 5.2 die geskiedenis van die regstelsel met verwysing na die Romeinse reg, Romeins-Hollandse reg en die vroeë Suid-Afrikaanse reg uiteen te sit 5.3 die impak van die Grondwet van 1996 te verstaan
6. die basiese beginsels van die volgende vakgebiede te verstaan: siviele prosesreg, strafreg, strafprosesreg, bewysreg en ondernemingsvormereg	6.1 ‘n raamwerk te verskaf wat ‘n verduideliking insluit van wanneer ‘n bepaalde regsveld op ‘n gevallestudie van toepassing sal wees en wat die basiese oplossing van dié regsprobleem in die gevallestudie sal wees 6.2 ‘n basiese klassifikasie van die Suid-Afrikaanse reg te verskaf
7. die hiërargie van die howe wat in Suid-Afrika bestaan, te identifiseer en die rol van die regsprofessie in hierdie konteks te kan verduidelik/verstaan	7.1 die verskillende howe in Suid-Afrika met verwysing na toepaslike wetgewing te identifiseer 7.2 tussen die verskillende vertakkinge van die regsprofessie te onderskei 7.3 die belang en omvang van etiek te begryp en te verstaan hoe etiese reëls in die praktyk toegepas word
8. te verstaan wat alternatiewe dispuutbeslegting behels	8.1 tussen formele litigasie en alternatiewe dispuutbeslegting te onderskei 8.2 tussen die verskillende vorme van alternatiewe dispuutbeslegting te onderskei

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
9. die belangrikheid en impak van die Grondwet en menseregte in Suid-Afrika te verstaan	9.1 kortliks die belangrikste bepalings van die Grondwet en Handves van Regte te bespreek 9.2 die Grondwet en Handves van Regte te lees en met verwysing na relevante nasionale en internasionale regspraak te verstaan
10. die proses en relevansie van regsvergelyking te verstaan	10.1 die verskillende regsfamilies van die wêreld te identifiseer en karakteriseer 10.2 te weet wat regsvergelyking behels
11. die insluiting van sosio-ekonomiese regte in die Handves van Regte en, meer spesifiek, die regsimplikasies van MIV/Vigs in die Suid-Afrikaanse konteks, te verstaan	11.1 die mediese, maatskaplike, politieke en regsaspekte te bespreek wat met MIV/Vigs verband hou 11.2 relevante regspraak met betrekking tot sosio-ekonomiese regte te lees en te interpreteer
12. logiese regsargumente te kan formuleer en tipiese regstaal te kan identifiseer	12.1 ongeldige argumente te identifiseer 12.2 die belang en toepassing van tipiese regstaal te verstaan 12.3 eenvoudige regstaal te gebruik
13. die beginsels van basiese regsfilosofie te verstaan	13.1 die verskillende filosofiese benaderings tot die reg/regsreëls te identifiseer en te bespreek, asook sy/haar eie mening met betrekking tot die verskillende filosofiese benaderings uit te spreek

10.2.13 Insolvensiereg (INR0011)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-Krediete
'n Student wat hierdie module geslaag het, sal die nodige kennis van die regsreëls hê wat oorweeg word wanneer 'n debiteur gelikwideer word of die boedel van 'n debiteur gesekwestreer word.	6	16

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. die ontwikkeling van die insolvensiereg in Suid Afrika te verstaan en insig in die aard en doel van die insolvensiereg te toon	1.1 die grondslag en geskiedenis van die Suid-Afrikaanse insolvensiereg te identifiseer 1.2 die doel van die insolvensiereg te omskryf
2. die vernaamste beginsels ten aansien van die aanvang van die sekwestrasieproses te kan formuleer en herken	2.1 aan te toon wat die statutêre vereistes en formaliteite vir 'n vrywillige- en gedwongesekwestrasie-aansoek is

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	**Assesseringskriteria** Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
3. tussen die verskillende tipes sekuriteit te kan onderskei wat deur die Suid Afrikaanse insolvensiereg erken word en die statutêre beginsels oor die aanwending van die opbrengs van die insolvente boedel te kan bespreek	3.1 aan te toon of 'n skuldeiser in besit van 'n versekerde eis is 3.2 vas te stel of daar kontribusie deur skuldeisers betaalbaar is 3.3 die verdeling van die opbrengs van die bates aan skuldeisers te verduidelik
4. die gevolge van sekwestrasie te kan omskryf en bespreek	4.1 aan te toon wat die gevolge van sekwestrasie vir die insolvent sal wees 4.2 die gevolge van sekwestrasie vir die insolvente boedel te omskryf 4.3 aan te toon wat die gevolge van sekwestrasie vir die solvente eggenoot sal wees
5. die regsbeginsels en regte rakende ondervragings, vergaderings en die bewys van eise in die insolvente boedel wat deur die Grondwet beskerm word, te kan herken en formuleer	5.1 die verskillende regsbeginsels en statutêre reëls rakende ondervragings, vergaderings en bewys van eise te bespreek 5.2 die teorie en hofbeslissings met betrekking tot die toepassing van die Grondwet op ondervragings te beoordeel
6. die statutêre en gemeenregtelike beginsels rakende onvoltooide kontrakte en vernietigbare transaksies te kan ontleed en probleemstellings te kan oplos	6.1 die regsbeginsels toe te pas om vas te stel of 'n transaksie as 'n vernietigbare transaksie kwalifiseer 6.2 die statutêre en gemeenregtelike beginsels toe te pas om vas te stel of 'n kontrak as 'n onvoltooide kontrak kwalifiseer
7. te kan aantoon dat die regsbeginsels rakende die administrasieproses van die insolvente boedel bekend is	7.1 die regsbeginsels toe te pas om die aanstellingsproses en die pligte en magte van die kurator te verduidelik 7.2 die regsbeginsels rakende die tegeldemaking van bates te illustreer
8. die regsbeginsels rakende die likwidasieproses van 'n maatskappy kragtens die Maatskappywet te kan formuleer	8.1 die beginsels rakende die likwidasieproses van 'n maatskappy te formuleer en te bespreek
9. kennis van en insig in die regsbeginsels rakende korporatiewe herstel te kan demonstreer	9.1 die basiese beginsels wat 'n korporatieweherstelmodel moet bevat, te bespreek en te verduidelik 9.2 'n behoorlike korporatieweherstelmodel te beoordeel
10. voldoende kennis van en insig in die transnasionale insolvensiereg te toon	10.1 die gemeenregtelike beginsels te bespreek 10.2 die bepalings van die Wet op Insolvensie oor Landsgrense te verduidelik en toe te pas om transnasionale sake en geskilpunte te ontleed

10.2.14 Internasionale Handelsreg (IHR0021)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module voltooi het, sal oor kennis van die internasionale handelsreg uit 'n Suid-Afrikaanse, vergelykende en internasionale perspektief beskik en sal in staat wees om dié kennis toe te pas.	7	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. te voorspel watter regstelsel deur die howe in Suid-Afrika en in ander geselekteerde jurisdiksies in aangeleenthede rakende internasionale koop en finansiering toegepas sal word	1.1 die reëls en beginsels van die internasionale privaatreg in Suid-Afrika en in vergelykbare regstelsels ten aansien van kontrakte, bevrydende verjaring en eiendomsreg te ontleed en toe te pas 1.2 die invloed van internasionale instrumente in hierdie verband te bepaal
2. die beslissings van die howe in Suid-Afrika en in ander geselekteerde jurisdiksies in aangeleenthede rakende internasionale kooptransaksies te voorspel	2.1 die reëls en beginsels van die internasionale koopreg in Suid-Afrika en in vergelykbare regstelsels te ontleed en toe te pas 2.2 die invloed van internasionale instrumente in hierdie verband te bepaal
3. die beslissings van die Suid-Afrikaanse howe in aangeleenthede rakende internasionale finansiering te voorspel	3.1 die reëls en beginsels met betrekking tot internasionale finansiering in Suid-Afrika te ontleed en toe te pas 3.2 die invloed van internasionale instrumente in hierdie verband te bepaal
4. die beslissings van die Suid-Afrikaanse howe in aangeleenthede rakende internasionale vervoer en vervoerversekering te voorspel	4.1 die reëls en beginsels met betrekking tot internasionale vervoer en vervoerversekering in Suid-Afrika te ontleed en toe te pas 4.2 die invloed van internasionale instrumente in hierdie verband te bepaal
5. oor kennis van die reg insake internasionale handelsarbitrasie te beskik en om dié kennis te kan toepas	5.1 die reëls en beginsels met betrekking tot internasionale handelsarbitrasie in Suid-Afrika te ontleed en toe te pas 5.2 die invloed van internasionale instrumente in hierdie verband te bepaal

10.2.15 Internasionale Privaatreg (IPR0014)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module voltooi het, sal kennis van die Suid-Afrikaanse internasionale privaatreg dra en dié kennis kan toepas.	7	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. die beslissings van die Suid-Afrikaanse howe ten aansien van die regstelsel wat op burgerlike en sakegedinge met internasionale binding van toepassing is, te voorspel	1.1 die reëls en beginsels van die Suid-Afrikaanse internasionale privaatreg in die konteks van die familiereg, die erfreg, die sakereg, die kontraktereg, die deliktereg, die verrykingsreg en die proses- en bewysreg te ontleed en toe te pas 1.2 die invloed van die algemene beginsels van die internasionale privaatreg in hierdie verband, insluitend die leerstukke van die uitsluiting van buitelandse reg, klassifikasie, *renvoi* en die insidentele vraag te bepaal 1.3 die invloed van metodologie op die internasionale privaatreg vanuit 'n historiese perspektief te bepaal 1.4 die reëls en beginsels met betrekking tot die bewys van buitelandse reg te ontleed en toe te pas 1.5 die invloed van die reëls en beginsels van die internasionale privaatreg en die internasionale handelsreg soos deur internasionale organisasies geformuleer, in hierdie verband te bepaal
2. die moontlikheid van die erkenning en die afdwinging van 'n buitelandse vonnis of arbitrasiebevel in Suid-Afrika te bepaal	2.1 die reëls en beginsels van die Suid-Afrikaanse internasionale privaatreg oor die erkenning en afdwinging van buitelandse vonnisse te ontleed en toe te pas 2.2 die reëls en beginsels van die Suid-Afrikaanse internasionale privaatreg oor die erkenning en afdwinging van buitelandse en internasionale arbitrasiebevele te ontleed en toe te pas

10.2.16 Internasionale Reg (ITR0011)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
Dié kursus beoog om leerders met 'n basiese kennis van die regte en verpligtinge van state toe te rus en hulle insig in die funksionereing van die internasionale regsorde te gee. Die kursus verskaf ook 'n grondslag vir die begrip van die verhouding tussen die internasionale reg en die Suid-Afrikaanse nasionale regsorde met betrekking tot die nuwe grondwet.	6	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. verskillende bronne van die internasionale reg en hulle regstatus te ken	1.1 die Weense Verdragregkonvensie en Statuut van die Internasionale Geregshof toe te pas 1.2 die rol van VN-besluite as bron van die internasionale reg te beskryf
2. die verskillende maniere van regsafdwinging in die internasionale reg te identifiseer	2.1 die verskillende regte en verpligtinge van state ingevolge die VN-handves te bespreek 2.2 aan te toon wanneer individuele en kollektiewe selfverdediging regverdig sal wees 2.3 die verskil tussen teenmaatreëls en ander vorme van afdwinging te verduidelik

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
3. die regsgevolge van die erkenning of nie-erkenning van state en regerings te beskryf	3.1 aan te toon wat die uitwerking van nie-erkenning op die buitelandse betrekkinge van 'n nie-erkende staat kan wees. 3.2 die vereistes vir kollektiewe erkenning deur die VN te beskryf 3.3 te verduidelik wat die uitwerking van nie-erkenning op die binnelandse reg van 'n nie-erkende staat is
4. die verskillende vorme van jurisdiksie te identifiseer	4.1 die verskillende gronde vir die onderskeie vorme van jurisdiksie aan te toon 4.2 die rol van universele jurisdiksie by die vervolging van oorlogsmisdade en verwante vergrype aan te toon 4.3 'n staat se jurisdiksie t.o.v. aangrensende seegebiede en die lugruim te verduidelik
5. die toepassing van die verskillende vorme van immuniteit te ontleed	5.1 tussen staatsimmuniteit en diplomatieke immuniteit te onderskei 5.2 te verduidelik onder watter omstandighede immuniteit sal geld of nie 5.3 te verduidelik wat die uitwerking van immuniteit op die vervolging van persone vir ernstige skending van menseregte is
6. die internasionale en streeksmeganismes vir die beskerming van menseregte van mekaar te onderskei	6.1 te verduidelik watter rol die VN by die formulering en afdwinging van universele menseregtestandaarde gespeel het 6.2 die streeksmeganismes vir die beskerming van menseregte te beskryf
7. insig in die situasies te toon waarin die internasionale humanitêre reg toegepas word	7.1 die vernaamste beginsels van die Geneefse Konvensies en Aanvullende Protokolle te verduidelik 7.2 die bevoegdheid van die verskillende tribunale vir die vervolging van oorlogsmisdadigers te beskryf

10.2.17 Kontraktereg (KOR0000)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
Die student sal 'n deeglike begrip van die beginsels van kontraktereg opdoen, insluitend die vereistes vir 'n geldige kontrak, die inhoud en werking van kontrakte, remedies van partye tot 'n kontrak en die beëindiging van kontrakte. Verder sal die bostaande beginsels as noodsaaklike agtergrondskennis vir studente dien om voort te gaan om die benoemde kontrakte te bestudeer.	6	32

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. kennis en begrip van die algemene beginsels van die kontraktereg te demonstreer	1.1 die vereistes vir 'n geldige kontrak op te noem en te bespreek 1.2 die algemene beginsels van 'n kontrak te beoordeel deur die geldigheid en algemene vereistes van sodanige kontrak te evalueer

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
2. insig in die impak van kontrakte op die daaglikse lewe te toon	2.1 situasies te omskryf wat moontlik die geldigheid van 'n kontrak kan beïnvloed 2.2 tussen die verskillende gevolge van kontraksluiting, insluitend die regte en verpligtinge wat deur sodanige kontrak geskep word, remedies van die partye en die beëindiging van 'n kontrak te onderskei 2.3 kontrakbreuk en die gevolge van kontrakbreuk te identifiseer
3. tussen verskillende soorte kontrakte te onderskei en advies aangaande die algemene beginsels ten opsigte van sodanige kontrakte (insluitend koop en verkoop, huur, sekerheidstelling en kredietooreenkomste) te gee	3.1 'n besondere kontrak te klassifiseer 3.2 die algemene beginsels op 'n besondere kontrak toe te pas

10.2.18 Ondernemingsvormereg (KPR0011)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module voltooi het, sal oor die nodige kennis beskik om advies aangaande die basiese probleme te gee wat op die gebied van vennootskapsreg, maatskappyereg, beslotekorporasiereg en saketrustreg ondervind word.	7	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. basiese regsadvies oor die keuse van 'n ondernemingsvorm te verskaf	1.1 tussen die regsvorme en verskillende verskyningsvorme van die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te onderskei 1.2 leiding oor die keuse van 'n toepaslike ondernemingsvorm te verskaf 1.3 die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust in vergelykende konteks te waardeer 1.4 kliënte oor moontlike regsontwikkelings rakende die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te adviseer

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
2. die regstruktuur van die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te ontleed	2.1 die kernelemente van die regstruktuur van die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te beskryf en te ontleed 2.2 kliënte oor basiese regsprobleme aangaande die oprigting, bestuur en funksionering van die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te adviseer 2.3 die rolle van die sleutelorgane en ander rolspelers in die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te beskryf en te ontleed 2.4 kliënte oor basiese regsprobleme aangaande die finansiering van die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te adviseer
3. die regte en verpligtinge van die onderskeie rolspelers in die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te verduidelik	3.1 die belangrikste regsbeginsels aangaande die regte en verpligtinge van die onderskeie rolspelers in die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust uiteen te sit 3.2 basiese regsprobleme aangaande die identifisering en afdwinging van die regte en verpligtinge van die verskillende rolspelers in die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust op te los 3.3 'n kliënt oor basiese regsprobleme aangaande kontraktuele en ander verhoudinge tussen die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust, hulle interne rolspelers en derdes te adviseer

10.2.19 Personereg en Familiereg (PER0000)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
Aan die einde van die kursus sal die student oor die nodige kennis van die basiese terminologie en beginsels van die Suid Afrikaanse personereg beskik en dié kennis op 'n praktiese feitestel kan toepas. Die student sal ook oor deeglike kennis van die basiese beginsels van die Suid Afrikaanse familiereg beskik en dié kennis prakties op 'n verskeidenheid feitestelle kan toepas.	5	32

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. noodsaaklike kennis van die basiese terminologie en beginsels van die personereg te toon	1.1 die basiese konsepte van die personereg te onthou en te omskryf 1.2 die rol en plek van die personereg in die wyer regstelsel te verduidelik
2. die begin en beëindiging van regsubjektiwiteit t te ken en te verstaan	2.1 te bereken of 'n subjek oor regsubjektiwiteit beskik en die draer van regte is 2.2 die gevalle op te teken waardeur regsubjektiwiteit beëindig word 2.3 die relevante faktore op te noem

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
3. die vier faktore wat die status van 'n natuurlike persoon beïnvloed, te ken en verstaan	3.2 die faktore te herken wat in 'n feitestel teenwoordig is en die reëls toe te pas wat met hierdie faktore verband hou, om te beskryf hoe die status van die persoon daardeur beïnvloed word
4. 'n deeglike kennis van die basiese beginsels van die Suid-Afrikaanse familiereg te illustreer	4.1 die kennis wat uit die kursus bekom is, op 'n praktiese wyse op 'n wye verskeidenheid van feitelike situasies toe te pas 4.2 die rol en plek van die familiereg in die wyer regstelsel te verduidelik
5. oor kennis en begrip van die regsvereistes vir die sluit van 'n geldige verlowing en huwelik, asook die beëindiging daarvan, te beskik	5.1 die vereistes vir die sluit van 'n geldige verlowing en huwelik (of die beëindiging daarvan) op te noem 5.2 'n feitestel te evalueer om te bepaal of 'n geldige verlowing of huwelik wel gesluit is of nie
6. 'n goeie begrip van al die relevante gevolge van 'n geldige huwelik te hê	6.1 die verskillende huweliksgoederebedelings wat in Suid-Afrika toepassing vind krities te vergelyk 6.2 die persoonlike en finansiële gevolge van die huwelik te illustreer 6.3 die relevante beginsels wat met ouerlike gesag verband hou, te lys en te bespreek

10.2.20 Regsfilosofie (ARL0011)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module voltooi het, sal oor voldoende kennis beskik om hom/haar in staat te stel om die aard en struktuur van die reg en die funksie van die reg in die gemeenskap te bespreek, om die verskillende skole van regsdenke en -style te herken en te bespreek. Die student sal ook insig in die bespreking van die verhouding demonstreer wat tussen reg en geregtigheid, reg en moraliteit en reg en politiek bestaan.	6	16

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. die aard en struktuur van die reg en die funksie van die reg in die gemeenskap te bespreek	1.1 die reg van ander normatiewe stelsels van gedrag te onderskei 1.2 die verskillende teorieë van die interpretasie van die reg te onderskei, toe te pas en in die regsbronne te vind

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
2. die verskillende skole van regsdenke en style van regspleging te herken en te bespreek	2.1 die belangrike konsepte en beginsels wat inhoud aan die reg verleen by mekaar te pas 2.2 te verduidelik hoe konsepte soos “geregtigheid”, “natuurreg”, “gelykheid”, “vryheid” en “regte” van die begin van die Westerse intelligente tradisie tot tans deur die verskeie skole geïnterpreteer en toegepas is 2.3 insigte toe te pas wat van die begrip van die konsepte verkry is wat onder 2.2 genoem is ten einde oplossings vir moderne regsprobleme te verkry wat met dispuutbeslegting en die rol wat die reg in die staat het, verband hou
3. insig in die verhouding te demonstreer wat tussen reg en geregtigheid, reg en moraliteit en reg en politiek bestaan	3.1 die verhouding tussen die reg en geregtigheid en moraliteit en politiek te debatteer 3.2 die geskiedenis van menseregte in die Westerse regstradisie en die rede vir die belangrikheid van die erkenning en toepassing van fundamentele regte in die moderne regstelsels te begryp deur ‘n opstel te skryf waarin die geskiedenis, ontwikkeling en erkenning van fundamentele regte aangeraak word

10.2.21 Sakereg (SAK0000)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
’n Student wat hierdie module voltooi het, sal oor die kennis beskik om die beginsels van die sakereg toe te pas.	6	32

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. sake as regsvoorwerpe te identifiseer en om tussen saaklike regte en vorderingsregte te onderskei	1.1 die eienskappe van sake te beskryf en sake te klassifiseer 1.2 verskillende teoretiese benaderinge krities toe te pas om te onderskei tussen saaklike regte en vorderingsregte
2. die regsbeginsels rakende eiendomsreg te ontleed en toe te pas	2.1 eiendomsreg en mede-eiendomsreg as regsbegrippe te ontleed 2.2 die regsbeginsels rakende deeltitels, aandeleblokke en eiendomstyddeling te bespreek en toe te pas 2.3 die beperkings op eiendomsreg te beskryf en die beginsels van die burereg toe te pas 2.4 te bepaal of aanhegting plaasgevind het en die hoofsaak en die bysaak te identifiseer 2.5 te bepaal of oorspronklike of afgeleide eiendomsverkryging plaasgevind het 2.6 die gepaste remedies vir die beskerming van eiendomsreg te identifiseer en toe te pas

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
3. besit as 'n regsbegrip te ontleed	3.1 die regsaard van besit en die elemente van besit te beskryf 3.2 die gepaste remedies vir die beskerming van besit te identifiseer en toe te pas
4. die beginsels rakende beperkte saaklike regte te formuleer en toe te pas	4.1 die regsbeginsels rakende serwitute en beperkende voorwaardes te bespreek en toe te pas 4.2 die regsbeginsels rakende saaklike sekerheidsregte te bespreek en toe te pas
5. die beginsels van die konstitusionele sakereg (insluitend grondhervorming) en die tradisionele sakereg te integreer	5.1 die invloed van die Grondwet op die sakereg te ontleed 5.2 die impak van wetgewende maatreëls om grondhervorming te bewerkstellig, te evalueer

10.2.22 Siviele Prosesreg (SPR0000)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module voltooi het, sal oor 'n deeglike basiese kennis beskik van: die onderliggende beginsels van die siviele prosesreg, die jurisdiksie en funksies van die verskillende howe, *locus standi*, die betrokke aspekte van die aksie- en aansoekprosedures, eksekusie en skuldinvordering.	6	32

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. die basiese beginsels en bronne te ken wat siviele prosesreg beheer en dit in praktiese situasies toe te pas	1.1 tussen die verskillende beginsels te onderskei wat 'n adversatiewe stelsel onderlê 1.2 aan te dui watter wette en reëls die Suid-Afrikaanse siviele prosesreg beheer
2. die hiërargie en funksionering van die verskillende siviele howe te verduidelik nadat 'n studie daarvan gemaak is en gestruktureerde besoek aan sodanige howe gebring is	2.1 tussen die verskillende hofstrukture, met verwysing na hul spesifieke magte en samestelling, te onderskei 2.2 tussen die beamptes van die onderskeie howe te onderskei
3. die beginsels te verduidelik wat siviele jurisdiksie in die verskillende howe beheer en dié beginsels in praktiese situasies toe te pas	3.1 die verskillende beginsels aan te dui wat jurisdiksie onderlê 3.2 aan te dui wat die jurisdiksie van die Hooggeregshof behels 3.3 die statutêre beginsels rakende Hooggeregshofjurisdiksie te verduidelik en toe te pas 3.4 die jurisdiksiebeginsels toe te pas wat op buitelandse *peregrinus* verweerders betrekking het 3.5 die beginsels toe te pas wat op landdroshofjurisdiksie betrekking het

Leeruitkomste	**Assesseringskriteria**
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
4. die beginsels te ken wat *locus standi*, voeging en verteenwoordiging beheer en dit in praktiese situasies toe te pas	4.1 die beginsels te verduidelik wat by *locus standi* geld en te bepaal of 'n persoon in 'n gegewe geval *locus standi* het 4.2 tussen voeging op grond van gerief en noodsaaklike voeging te onderskei en dié kennis in 'n praktiese situasie toe te pas 4.3 die teorie te verduidelik wat Hooggeregshofreël 13 onderlê en dit in 'n praktiese situasie toe te pas
5. 'n volledige oorsig van die aksie- en aansoekprosedures, asook die funksionering daarvan te gee en dit prakties te kan toepas, met klem op die individuele funksionering van die onderskeie komponente van gemelde prosedures	5.1 die verskille tussen die aksie- en die aansoekprosedure op te noem, die beginsels te bespreek wat betrekking op feitegeskille en die onderskeie soorte aansoeke het en sodanige kennis in 'n praktiese situasie toe te pas om te bepaal of die aansoekprosedure gebruik moet word 5.2 te weet wat 'n pleitstuk is, tussen die onderskeie stadiums van die aksieprosedure, die remedies en sanksies wat in elke stadium beskikbaar is, te onderskei en relevante pleitstukke en kennisgewing op te stel 5.3 te verduidelik hoe voorbereiding vir verhoor moet plaasvind
6. die verskillende skuldinvorderings-prosedures te verduidelik en prakties toe te pas	6.1 die basiese beginsels ten aansien van eksekusie te verduidelik 6.2 tussen die Artikel 65-prosedure, besoldigingsbeslagbevele en administrasiebevele te onderskei
7. tussen appèlle en hersienings en die tersydestelling van vonnis te kan onderskei en sodanige kennis in 'n praktiese situasie te kan toepas	7.1 te verduidelik watter beginsels op appèlle van toepassing is en dit in 'n praktiese situasie toe te pas 7.2 die beginsels te verduidelik wat op hersiening van toepassing is en dit in 'n praktiese situasie toe te pas 7.3 die beginsels te verduidelik wat op die tersydestelling van vonnis van toepassing is en dit op 'n praktiese situasie toe te pas
8. te kan aantoon dat hy/sy oor sodanige basiese vaardighede met betrekking tot die opstel, konsultasie en aanbieding van argumente beskik as wat nodig is om 'n voldoende grondslag vir die praktisering van siviele prosesreg daar te stel	8.1 die komponente van 'n suksesvolle konsultasie te verduidelik en 'n behoorlike konsultasie in ooreenstemming met 'n gegewe feitestel te voer. 8.2 ná blootstelling aan 'n gesimuleerde mosiehofoefening 'n bestrede siviele aansoek suksesvol te argumenteer 8.3 betoogshoofde ter ondersteuning van 'n siviele aangeleentheid op te stel (nadat behoorlike navorsing met spesifieke klem op die formulering van 'n regsargument gedoen is) 8.4 bewys te lewer dat hy/sy oor voldoende kennis van algemene hofetiket en voorskrifte met betrekking tot kollegialiteit beskik 8.5 'n groot verskeidenheid regskennisgewings en pleitstukke op te stel 8.6 met medestudente in 'n "firma-opset" ten aansien van praktiese litigasie-instruksies saam te werk waardeur situasies wat moontlik in die praktyk kan voorkom, nageboots word 8.7 bewys te lewer dat hy/sy oor die nodige kommunikasievaardighede beskik wat in die regspraktyk onontbeerlik is

10.2.23 Staatsreg (SRG0000)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module suksesvol voltooi het, het die nodige kennis verwerf om die basiese konstitusionele begrippe en beginsels te verduidelik wat op die staat, die uitvoer en beheer van staatsgesag en op die verhouding tussen die staat en die individu betrekking het en om dit op werklike regsprobleme toe te pas.	6	32

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. die kennis te demonstreer wat nodig is om basiese staatsregtelike begrippe en beginsels te verduidelik en op werklike regsprobleme toe te pas	1.1 basiese staatsregbegrippe te omskryf en inhoud aan algemene begrippe soos reg, publiekreg, burgerskap, staat, owerheidsgesag en die individu te gee 1.2 die staatsregbronne, met klem op die Grondwet, op te noem, te onderskei en te vertolk
2. die kennis te demonstreer wat nodig is om basiese staatsregtelike begrippe en beginsels met betrekking tot die verdeling, uitoefening en kontrole van owerheidsgesag te verduidelik en op werklike regsprobleme toe te pas	2.1 die verdeling van owerheidsgesag in Suid-Afrika tussen verskillende staatsorgane en verskillende vlakke van regering te beskryf en te bespreek 2.2 die kennis en implikasies van geregtelike en ander vorme van kontrole oor owerheidsliggame en/of -organe te demonstreer en te verduidelik
3. die kennis te demonstreer wat nodig is om basiese staatsregtelike begrippe en beginsels met betrekking tot die samestelling, bevoegdhede en funksionering van wetgewende, uitvoerende en regsprekende liggame in alle sfere van regering te verduidelik en op werklike regsprobleme toe te pas	3.1 die samestelling, bevoegdhede en funksionering van owerheidsliggame in alle sfere van regering te beskryf en te bespreek
4. die kennis te demonstreer wat nodig is om basiese staastregtelike begrippe en beginsels met betrekking tot die verhouding tussen die staat en die individu te verduidelik en op werklike regsprobleme toe te pas	4.1 die algemene bepalings van die Handves van Regte en die toepassing daarvan in die verhouding tussen die staat en die individu weer te gee, te ontleed en te bespreek en die sterk en swak punte van dié reëlings te bepaal

10.2.24 Strafprosesreg (SAR0011)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module voltooi het, sal oor voldoende kennis van die beginsels en prosedures beskik wat by strafprosesreg betrokke is.	6	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. die algemene beginsels en prosedures te verstaan en toe te pas wat onderliggend aan die verskillende fases van die strafprosesreg is	1.1 bewys te lewer dat hy/sy verstaan dat die verskillende fases van die strafprosesreg ingevolge prosedures ooreenkomstig algemene beginsels geskied 1.2 die verskillende prosedures en beginsels gedurende die verskillende fases van die stafprosesreg, naamlik die ondersoek-, pleit-, verhoor- en naverhoorfase, toe te pas 1.3 kennis van die inkwisitoremodel in teenstelling met die akkusatoremodel wat in hoofsaak die Suid-Afrikaanse strafprosesreg onderlê, te illustreer 1.4. die misdaadbeheer- en die behoorlikeregsprosesbenadering tot die strafprosedures toe te pas 1.5 'n begrip van prosedures te illustreer wat 'n kontekstuele en a-kontekstuele benadering weerspieël
2. 'n basiese kennis van die wetgewing te illustreer waarop die prosedures van die strafprosesreg gegrond is	2.1 bewys te lewer dat hy/sy verstaan dat die prosedures op 'n verskeidenheid wetgewing gegrond is 2.2 bewys te lewer dat hy/sy van die relevansie van wetgewing op die strafprosesreg, soos die Grondwet van Suid-Afrika 108 van 1996 en die Strafproseswet 51 van 1977, kennis dra
3. die verhouding tussen die strafreg, bewysreg en strafprosesreg te verstaan en toe te pas	3.1 bewys te lewer dat hy/sy verstaan dat strafreg en bewysreg by die verskillende fases van die strafprosesreg wat die strafregstelsel onderlê, van belang is 3.2 tydens die verskillende fases wat die strafregstelsel onderlê 'n onderskeid tussen strafreg, bewysreg en strafprosesreg te tref
4. 'n hofsitting by te woon en 'n werkopdrag met betrekking tot die hofsitting te doen	4.1 bewys te lewer dat hy/sy die hofsitting bygewoon het en die vrae rondom die hofsitting kon beantwoord, onder andere watter strafhof die hofsaak verhoor het, die jurisdiksie van die hof, ens. 4.2 bewys te lewer dat hy/sy die praktiese belang van die teoretiese beginsels en prosedures verstaan wat op 'n strafhof van toepassing is
5. die teoretiese prosedures en algemene beginsels wat die strafprosesregswetgewing ooreenkomstig die verskillende fases onderlê, prakties op feitestelle toe te pas	5.1 die vrae ten opsigte van die feitestel te beantwoord 5.2 die praktiese waarde van die strafprosesreg aan die hand van feitestelle te identifiseer

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
6. as juris te besef dat hy/sy moet toesien dat geregtigheid in alle strafregtelike aangeleenthede geskied	6.1 bewys te lewer dat hy/sy besef dat die etiese optrede van 'n juris in strafsake van die uiterste belang is 6.2 onetiese optrede wat tot ongeregtigheid lei in feitestelle te identifiseer

10.2.25 Strafreg (SFR0000)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module voltooi het, sal die nodige kennis verwerf het om te evalueer of 'n persoon strafregtelik aanspreeklik is of nie. Op 'n praktiese vlak, sal die student die nodige ervaring opgedoen het om spesifieke omskrywingselemente van verskeie misdade te evalueer en besondere misdade te identifiseer.	6	32

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. die nodige kennis en insig te openbaar om te evalueer of 'n persoon strafregtelik aanspreeklik is	1.1 'n oorsig te gee van die strafregtelike aanspreeklikheid van natuurlike en regspersone onderskeidelik, ter aanduiding van kennis van die doel en rol wat die strafteoreë en die legaliteitsbeginsel in die strafreg speel
2. die spesifieke omskrywingselemente van verskeie misdade te evalueer en die besondere misdade te identifiseer	2.1 die verskillende spesifieke misdade te identifiseer en te onderskei wat in praktiese gevallestudies relevant kan wees en die algemene beginsels van strafregtelike aanspreeklikheid op gestelde praktiese probleemgevalle toe te pas ten einde strafregtelike aanspreeklikheid te bepaal

10.2.26 Toegepaste Regskunde (TPR0000)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module suksesvol voltooi het, sal met die toegepaste regskunde van finalejaar- LLB-studente toegerus wees met betrekking tot: kommunikasie, etiek, egskeiding, opstel van pleidooie, hoofondervraging en kruisondervraging en sake in die Hof vir Klein Eise. Die fokus is op analitiese vaardighede en die toepassing van teorie, met begrip van die praktiese aard en gevolge van die teorie sodat die student 'n metodologie kan bekom om met gemak 'n professionele diens onder nuwe omstandighede te lewer. Die student sal verder in staat wees om, in ooreenstemming met die riglyne van die LSSA, gratis regsdienste aan behoeftiges te lewer.	7	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	**Assesseringskriteria** Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. mondeling en skriftelik op 'n duidelike, georganiseerde en professionele manier te kommunikeer	*Skriftelik* 1.1 kennis en begrip van die inhoud van die lesing/s te illustreer deur regsbriewe aan kliënte en alle derde partye, met min en verkieslik geen foute, te skryf 1.2 kennis en begrip te toon deur die omskrywings van die doelwitte in alle briewe toe te pas 1.3 die ses riglyne van duidelikheid te noem en te bespreek 1.4 kennis en begrip te toon deur die drie fases van organisasie in alle briewe toe te pas 1.5 die inhoud van briewe só in te deel dat die leser op 'n uitstekende manier ingelig of oorreed word 1.6 afsluitingsbriewe korrek te skryf 1.7 kennis en begrip te toon deur briewe te ontleed wat deur 'n derde party of die student geskryf is *Mondeling* 1.8 ondanks 'n gebrek aan ervaring, doeltreffender en met groter selfvertroue te konsulteer, 1.9 die gebruik van elke konsultasie te verbeter deur konsultasievaardighede vinniger en meer doeltreffend toe te pas 1.10 die kliënt in alledaagse taal, maar steeds op 'n professionele wyse, aangaande die reg te adviseer 1.11 die konsep van konsultasie te omskryf 1.12 die drie fases weer te gee wat die verskillende oogpunte van die verskillende skrywers verteenwoordig 1.13 die vraagbenadering, met spesifieke verwysing na klinieksake, te kritiseer 1.14 sy/haar eie konsultasie by die kliniek tydens besprekingsessies en/of in geskrewe opstelle te evalueer 1.15 telefoonoproepe op 'n doeltreffende manier te maak of te ontvang
2. oor sy/haar kommunikasiemetodes en –strategieë te besin	2.1 sy/haar oorwegingsvaardigheid te illustreer deur die proses en/of produk gedurende skriftelike of mondelinge besprekings te ontleed, te kritiseer en te evalueer
3. alle regswerk wat uitgevoer word in ooreenstemming met die reëls van professionele etiek te benader en uit te voer	3.1 vaardigheid te bewys, in besonder sy/haar gewilligheid om aan die etiese reëls te voldoen, deur alle regswerk in ooreenstemming met die bovermelde kennis te benader en uit te voer 3.2 begrip van die bovermelde kennis te illustreer deur dit op gepaste etiese probleme toe te pas 3.3 kennis en begrip van studiemateriaal te vertoon deur in staat te wees om die studiemateriaal te ontleed, kritiseer, evalueer en op werklike situasies toe te pas. Dit moet nie net in toetse en eksamens nie, maar ook deur middel van sy/haar gedrag en optrede by die kliniek, sowel as in sy/haar alledaagse lewe gedoen word (aangesien regsetiek 'n lewenswyse is)

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	**Assesseringskriteria** Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
4. in sy/haar toepassing van hierdie reëls op praktiese en teoretiese probleme insig, morele waardes en 'n persoonlike houding en filosofie in ooreenstemming met hoë regsetiese standaarde te demonstreer	4.1 insig te vertoon deur feitestelle in geskrewe eksamens, sowel as by die kliniek te bespreek, te evalueer en te kritiseer
5. egskeidingsaksies doeltreffend in te stel en deur te voer deur konsultasies en skikkingsonderhandelinge te voer, regsdokumente in die proses op te stel, hofsake, wette, reëls en regulasies te bestudeer en op sy/haar gevallestudies toe te pas	5.1 die kliënt korrek te adviseer 5.2 die verskillende tipes besonderhede van vorderings, asook aansoeke wat op verskillende feitestelle gegrond is, op 'n korrekte en gepaste wyse op te stel 5.3 vorms korrek en volledig in te vul 5.4 skikkings te bereik en aktes van skikking te stel 5.5 die egskeidingsprosedure te verstaan soos deur besprekings en voorgestelde taktiek geïllustreer word 5.6 egskeidingsaksies vinnig af te handel
6. oor die egskeidingsproses te besin	6.1 oorwegingsvaardighede te illustreer deur suksesse en mislukkings; die regstelsel (met spesifieke verwysing na hierdie proses) en die regsdiens wat aan die publiek gelewer is tydens mondelinge en skriftelike besprekings te evalueer en deur vraelyste by die kliniek te voltooi
7. 'n metodologie te ontwikkel om hom/haar te ondersteun wanneer nuwe en/of onbekende regswerk hanteer moet word	7.1 navorsing oor 'n nuwe probleem wat in die klas- of kliniekverband uitgegee word, te doen en 'n oplossing vir die probleem voor te stel
8. deur middel van die ontleding van feitestelle en gevallestudies en die toepassing van die relevante reg daarop alle eenvoudige en geselekteerde gevorderde regsdokumente korrek op te stel	8.1 pleitstukke, kennisgewings en eedsverklarings korrek en binne die vereiste tydraamwerk op te stel 8.2 die hofreëls en artikels op die relevante pleitstukke, kennisgewings en eedsverklarings toe te pas 8.3 hofsake na te vors wat op die betrokke reëls en artikels van toepassing is 8.4 die formele beginsels wat deur hofsake neergelê is, op die opstel van pleitstukke, kennisgewings en eedsverklarings toe te pas
9. 'n metodologie vir die opstel van regsdokumente in die algemeen te ontwikkel	9.1 die regsdokumente, sake en boeke (voorgeskryf of nagevors) te gebruik om eie, nuwe en waar relevante, aangepaste regsdokumente op te stel
10. kliënte op doeltreffende wyse by te staan deur hulle aangaande die Wet op die Hof vir Klein Eise, reëls, prosedures en proses te adviseer en hulle na die Hof te verwys deur aanmaningsbriewe te formuleer en dagvaardings op te stel	10.1 die kliënt aangaande die Hof vir Klein Eise te adviseer 10.2 korrekte en volledige aanmaningsbriewe te skryf 10.3 dagvaardings korrek te voltooi

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
11.'n sin vir burgerlike verantwoordelikheid te demonstreer wanneer die publiek hanteer word	11.1 'n sin vir burgerlike verantwoordelikheid gedurende klasbespreking, kliniek en geskrewe eksamens te demonstreer deur feitestelle te ontleed, te kritiseer en te evalueer
12.'n metodologie te ontwikkel om spesifieke wette, reëls, regulasies, prosesse en howe te hanteer	12.1 'n gegewe probleem wat in die klas of kliniek uitgegee is, na te vors en 'n oplossing vir die probleem voor te stel
13.vir 'n eenvoudige strafsaak voor te berei deur op 'n doeltreffende manier met die beskuldigde en getuies te konsulteer; subpoenas korrek op te stel; hoofondervraging volledig voor te berei en op kruisverhoor voor te berei deur die relevante reëls en beginsels op sy/haar gevallestudies of feitestelle toe te pas	13.1 volledige konsultasies met 'n beskuldigde en getuie(s) te voer 13.2 'n subpoena korrek op te stel 13.3 hoofondervraging volledig voor te berei 13.4 sy/haar kennis aangaande kruisondervraging op 'n feitestel toe te pas deur 'n reeks vrae vir kruisondervraging neer te skryf of mondeling weer te gee óf deur die kliënt voor te berei om kruisverhoor te ondergaan deur moontlike kruisverhoorvrae te bespreek/neer te skryf

10.2.27 Uitlegleer (ULL0024)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module, het die student die nodige kennis verwerf om die teorie, reëls en beginsels van die uitlegleer by die werklike uitleg van 'n wet te verduidelik en toe te pas.	6	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1.die toepassing van die teorie, reëls en beginsels op uitlegleer te verduidelik	1.1 die reëls en beginsels van toepassing op wetgewing te verduidelik 1.2 die reëls en beginsels toe te pas op wetgewing in 'n gevallestudie
2.die effek van die Grondwet op statutêre uitleg te verstaan	2.1 die gemeenregtelike uitlegvermoedens te vergelyk met die teorie en beginsels van grondwetlike uitleg
3.te besef dat wetgewing is die belangrikste bron van die regsisteem en dat dit alle mense affekteer	3.1 te verduidelik hoekom wetgewing die belangrikste bron van die regsisteem vandag is 3.2 by wyse van voorbeelde die effek van 'n veranderde gemeenskap op die regsisteem te demonstreer asook hoe dit gereflekteer word in wetgewing 3.3 te illustreer hoe ander dissiplines van die regsisteem deur wetgewing geraak word

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
4. te verstaan dat die reëls en beginsels wat die uilteg van wetgewing onderlê, ook van toepassing is op ander geskrewe regsdokumente soos kontrakte	4.1 die reëls en beginsels wat die wetsuitleg onderlê, ook toe te pas op ander dokumente soos kontrakte 4.2 die verskil tussen die uitleg van geskrewe dokumente soos testamente en kontrakte en wetsuitleg aan te dui

10.2.28 Wisselreg en Bankreg (WRG0021)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
'n Student wat hierdie module voltooi het, sal oor die kennis beskik om die beginsels van die reg van verhandelbare dokumente en bankreg toe te pas.	7	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. algemene beginsels rakende geld as 'n regsbegrip, die aard van die bankreg en verhandelbare dokumente te formuleer	1.1 geld as 'n regsbegrip te bespreek en die aard van die bankreg te beskryf 1.2 die basiese begrippe met betrekking tot verhandelbare dokumente te verduidelik en 'n teoretiese grondslag vir die klassifikasie van verhandelbare dokumente aan die hand te doen
2. die verhouding tussen die wisselverbintenis en die onderliggende verbintenis te beoordeel	2.1 die vereistes vir 'n geldige wisselkontrak te identifiseer 2.2 te ontleed of 'n eis op grond van die wisselverbintenis en/of die onderliggende verbintenis ingestel kan word
3. te evalueer of 'n dokument aan die vormvereistes van 'n wissel voldoen en die aanspreeklikheid van 'n wisselskuldenaar te beoordeel	3.1 die vormvereistes vir 'n wissel te identifiseer en te bespreek en te bepaal of 'n dokument aan die vormvereistes voldoen 3.2 die begrippe lewering, *causa*, handtekening, verhandeling, houer en reëlmatige houer te ontleed 3.3 te oorweeg of die wisselskuldenaar absolute verwere, titelgebreke en persoonlike verwere teen 'n eis van die houer kan opper
4. die beginsels rakende betaling per tjek en ander betalingsmetodes te formuleer en toe te pas	4.1 die regsbeginsels rakende betaling per tjek, gekruiste tjeks, nie-oordraagbare tjeks en kredietoordragte te verduidelik en toe te pas 4.2 die beginsels van die tjekreg en bankreg in samehang met die algemene beginsels van die Suid-Afrikaanse privaatreg toe te pas
5. die beginsels rakende die bank-kliëntverhouding te evalueer	5.1 die regsaard van die bank-kliëntverhouding te ontleed en die beginsels rakende die bank-kliëntverhouding op gebiede soos die vervalsing van die trekker se handtekening en die bank se plig tot geheimhouding toe te pas 5.2 die beginsels van die verrykingsreg en die bankreg te integreer

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
6. die deliktuele aanspreeklikheid van banke te ontleed	6.1 die beginsels rakende die potensiële deliktuele aanspreeklikheid van banke wat uit die invordering van tjeks spruit, te bespreek en toe te pas 6.2 die beginsels rakende die potensiële deliktuele aanspreeklikheid van banke wat uit die opening van bankrekeninge spruit, te bespreek en toe te pas

10.3 Diensmodules: Module-inligting 2012

(Inligting rakende diensmodules wat slegs in Engels aangebied word, kan in die Engelse weergawe van die Fakulteitsregulasies gevind word.)

10.3.1 Kommersiële Reg 1A (KMR1A11)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
Om die kennis en oppervlakkige begrip van die basiese komponente van die kontraktereg en die geldigheidsvereistes daarvan te verstaan.	5	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. ‘n kennis van die geskiedenis van die Suid Afrikaanse regstelsel te demonstreer	1.1 die verskillende ontwikkelingsperiodes te identifiseer 1.2die ontwikkeling in elke periode te identifiseer
2. ‘n diepe begrip van die struktuur van die Suid-Afrikaanse regstelsel te hê	2.1 die verskillende afdelings van die Suid-Afrikaanse regstelsel te identifiseer
3. die verskillende bronne van die Suid-Afrikaanse reg te kan uitken en ontleed	3.1 die verskillende bronne van die Suid-Afrikaanse reg te identifiseer en te bespreek 3.2 wetgewing en regspraak te ontleed
4. op ‘n praktiese vlak die verskillende reëls en vermoedens van die interpretasie van wetgewing te verstaan	4.1 die verskillende regspreuke by interpretasie te identifiseer 4.2 die verskillende vermoedens by interpretasie te bespreek
5. die algemene beginsels van die verbintenisreg te verstaan	5.1 die basiese beginsels van die verbintenisreg te identifiseer en toe te pas 5.2 die beginsel van die deliktereg te bespreek en toe te pas
6. ‘n begrip van die wilsooreenstemmings-geldigheidsvereiste van ‘n geldige kontrak te demonstreer	6.1 die bronne van wilsooreenstemming te identifiseer en te bespreek 6.2 ‘n kennis van die teorieë rakende die tyd en plek waar ‘n kontrak tot stand kom, te demonstreer 6.3 die faktore wat wilsooreenstemming beïnvloed, te bespreek

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
7. 'n begrip van die handelingsbevoegdheids-geldigheidsvereiste van 'n geldige kontrak te demonstreer	7.1 die invloed van die huwelik op 'n persoon se handelingsbevoegdheid ten ontleed en te bespreek 7.2 die invloed van 'n persoon se ouderdom op 'n persoon se handelingsbevoegdheid te ontleed en te bespreek
8. 'n begrip van die juridiese- en fisiese-uitvoerbaarheidsgeldigheidsvereistes van 'n geldige kontrak te demonstreer	8.1 die invloed van wettigheid op die geldigheid van 'n kontrak te evalueer 8.2 die invloed van fisiese moontlikheid op die geldigheid van 'n kontrak te evalueer
9. 'n begrip van die geldigheidsvereiste van formaliteite vir 'n geldige kontrak te demonstreer	9.1 die invloed van vormvereistes op die geldigheid van 'n kontrak uit te wys 9.2 die "integrasiereël" (*parol evidence rule*) te bespreek
10. 'n deeglike kennis van die partye te illustreer wat by die sluit van 'n geldige kontrak betrokke is	10.1 die partye te identifiseer wat by die sluit van 'n kontrak betrokke is
11. 'n deeglike kennis van die verskeie vorme van kontrakbreuk te kan illustreer	11.1 die verskeie vorme van kontrakbreuk te identifiseer 11.2 die verskeie remedies vir kontrakbreuk te identifiseer en toe te pas

10.3.2 Kommersiële Reg 1B (KMR1B21)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
Die doel van hierdie module is om die student in staat te stel om 'n basiese kennis en begrip van die algemene beginsels rakende vennootskappe, maatskappyereg, beslote korporasies en bedryfstrusts te verkry.	5	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. basiese regsadvies oor die keuse van 'n ondernemingsvorm te verskaf	1.1 tussen die regsvorme en verskillende verskyningsvorme van die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te onderskei 1.2 leiding rakende die keuse van 'n toepaslike ondernemingsvorm te verskaf 1.3 die voor- en nadele van die gepaste ondernemingsvorm te verskaf

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
2. die regstruktuur van die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te ontleed	2.1 die kernelemente van die regstruktuur van die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te beskryf en te ontleed 2.2 basiese regsprobleme met die oprigting, bestuur en funksionering van die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te identifiseer 2.3 die rolle van die sleutelorgane en ander rolspelers in die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te identifiseer en te vergelyk
3. die regte en verpligtinge van die onderskeie rolspelers in die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust te verduidelik	3.1 'n algemene oorsig van die belangrikste regsbeginsels rakende die regte en verpligtinge van die onderskeie rolspelers in die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust uiteen te sit 3.2 basiese regsprobleme met die identifisering en afdwinging van die regte en verpligtinge van die verskillende rolspelers in die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust op te los 3.3 die basiese regsprobleme met kontraktuele en ander verhoudinge tussen die vennootskap, maatskappy, beslote korporasie en bedryfstrust, hulle interne rolspelers, asook derdes te identifiseer

10.3.3 Kommersiële Reg 2C (KMR2C21)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
Die doel van hierdie module is om die student in staat te stel om 'n wye oorsig van sekere besondere kontrakte en sekere *capita selecta* van die kommersiële reg te verkry.	6	16

Leeruitkomste Die leerder sal in staat wees om:	Assesseringskriteria Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. tussen verskillende soorte kontrakte te onderskei en advies oor die algemene beginsels rakende sodanige kontrakte (insluitend koop en verkoop, huur, sekerheidstelling en kredietooreenkomste) te gee	1.1 elk van die kontrakte te omskryf 1.2 'n besondere kontrak te klassifiseer 1.3 die *essentialia* en *naturalia* van die ooreenkomste waar toepaslik te identifiseer 1.4 die regte en verpligtinge van die partye tot die kontrak te bespreek 1.5 die algemene beginsels ten opsigte van 'n besondere kontrak te beskryf 1.6 die belangrikste bepalings van die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 te beskryf en toe te pas 1.7 kortliks te bespreek hoe elk van die kontrakte beëindig word
2. die regsbeginsels van die versekeringsreg toe te pas	2.1 'n versekeringskontrak te omskryf 2.2 die *essentialia* van 'n versekeringskontrak te bespreek. 2.3 onderskeid tussen somme- en skadeversekering te tref 2.4 die beginsels van awery en kontribusie op 'n feitestel toe te pas 2.5 kortliks die beginsel van subrogasie te bespreek 2.6 kommentaar op die verpligting van openbaarmaking te lewer 2.7 onderskeid tussen die tipes waarborge te tref

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
3. die regsbeginsels van sekerheidstelling toe te pas	3.1 tussen saaklike sekuriteit en persoonlike sekuriteit te onderskei 3.2 die verskillende vorms van sekuriteit te omskryf 3.3 te identifiseer watter vorm van sekuriteit die mees toepaslike in 'n feitestel is 3.4 die regte en pligte van die partye te bespreek 3.5 die maniere op te noem waarop sekuriteit beëindig word
4. die vernaamste beginsels van wisselreg toe te pas	4.1 die verskillende wissels te omskryf 4.2 kortliks onderskeid tussen die verskillende tipes wissels te tref 4.3 kortliks die vereistes vir 'n geldige wissel te bespreek 4.4 kortliks die onderhandelbaarheid van 'n wissel te bespreek
5. die vernaamste beginsels van die insolvensiereg te bespreek	5.1 onderskeid tussen 'n vrywillige en gedwonge sekwestrasie te tref 5.2 die statutêre vereistes en formaliteite vir 'n vrywillige- en gedwongesekwestrasie-aansoek te identifiseer 5.3 aan te toon of 'n skuldeiser in besit van 'n versekerde eis is. 5.4 kortliks te bespreek wat die gevolge van sekwestrasie vir die ongerehabiliteerde insolvent en solvente eggenoot sal wees 5.5 kortliks tussen die verskillende onvoltooide kontrakte te onderskei 5.6 rehabilitasie kortliks te bespreek
6. die verskillende tipes wetgewing wat die Suid-Afrikaanse arbeidsreg reguleer, te oorweeg	6.1 die belangrikste arbeidswetgewing te noem en die aspekte te bespreek wat elkeen reguleer 6.2 onderskeid tussen 'n werknemer en onafhanklike kontrakteur te tref 6.3 kortliks tussen die verskeie vorme van onbillike en billike ontslag te onderskei en dit te bespreek 6.4 kortliks die remedies te bespreek wat in die geval van onbillike ontslag tot die werknemer se beskikking is

10.3.4 Inleidende Arbeidsreg (IAB0012)

Doel van die module	Module NKR-vlak	Module NKR-krediete
• Die doel van hierdie module is om studente in staat te stel om die basiese kennis en vaardighede te verkry ten einde die materiële reg in praktiese gevalle te kan toepas. • 'n Student wat hierdie module suksesvol voltooi het, sal oor voldoende kennis beskik om basiese arbeidsregdispute te identifiseer en te klassifiseer. Die student sal insig in materiële reg verwerf, soos wat in die gemene reg, individuele dienskontrakte, sowel as in die kollektiewe arbeidsreg en wetgewing aangetref word.	5	16

Leeruitkomste	Assesseringskriteria
Die leerder sal in staat wees om:	Die leerder sal bevoeg wees indien hy/sy in staat is om:
1. basiese arbeidsregdispute te identifiseer en op te los	1.1 'n basiese gevallestudie te ontleed ten einde die relevante arbeidsregbronne te bepaal 1.2 die materiële reg ten herken wat op enige gegewe scenario van toepassing sou wees 1.3 wye oplossings vir 'n gevallestudie voor te stel deur toepaslike kontraktuele en statutêre beginsels te herken
2. die toepassing van billikheids-wetgewing in die indiensnemings-verhouding te herken	2.1 die gelykheidsbeginsel in die Handves van Regte met die oog op die arbeidsreg te beskryf 2.2 die voorskrifte van die *Employment Equity Act 55* van 1998 te beskryf
3. die idee van vryheid van assosiasie in die Suid-Afrikaanse arbeidsreg te verduidelik	3.1 die huidige beskerming van vryheid van assosiasie in Suid-Afrika te beskryf deur na beide die Grondwet en die Wet op Arbeidsverhoudinge te verwys 3.2 die remme en teenwigte in die statutêre regulering van die reg van vryheid van assosiasie op te noem
4. die regulering van kollektiewe arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika te herken en te beskryf	4.1 die statutêre voorskrifte op te noem wat op die kollektiewe verhouding tussen werkers en/of hulle verteenwoordigers en werkgewers of werkgewersorganisasies van toepassing is 4.2 die vereistes te formuleer wat nodig is om vir organiseringsregte in werkplekke te kwalifiseer 4.3 'n begrip van die funksie van nywerheidsaksies in arbeidsverhoudinge te demonstreer 4.4 'n basiese gevallestudie te evalueer om te bepaal of daar beskermde of onbeskermde nywerheidsaksies is of nie en om te bepaal wat die gevolge van sulke aksies is 4.5 'n kollektiewe ooreenkoms te omskryf
5. die hoofregte en verpligtinge van die individuele diensverhouding op te noem	5.1 die gemeenregtelike pligte en verpligtinge van die onderskeie partye in die diensverhouding te beskryf
6. die relevante dispuutroetes en –prosedures vir arbeidsregdispute op te noem en te onderskei	6.1 die toepaslike forum ten kies waar 'n dispuut hanteer moet word 6.2 basiese advies oor sake aangaande regsverteenwoordiging, tydraamwerke, die reg van appèl of hersiening en die moontlike remedies in 'n gegewe gevallestudie aan 'n kliënt te gee

10.4 Leeruitkomste Nagraads – LLM en LLD: Module-inligting 2012

Nagraadse gedoseerde modules word slegs in Engels aangebied. Verwys asseblief na die Engelse weergawe van die Fakulteitsregulasies vir meer inligting oor leeruitkomste van hierdie modules.

11 AKADEMIESE TOEKENNINGS, PRYSE EN BEURSE TOEGEKEN IN 2011

Let wel! Hierdie toekennings, pryse, beurse en sertifikate kan moontlik van jaar tot jaar verskil

11.1 Toekennings

1. **Kanseliersmedalje** toegeken aan die beste magistergraad student in die Fakulteit Regsgeleerdheid.
2. **Penning van die Fakulteit Regsgeleerdheid** toegeken aan die LLB-student in die Fakulteit Regsgeleerdheid wat die beste presteer.
3. **Fakulteitsmedalje** toegeken aan die student wat die beste presteer het in 'n gedoseerde magistergraad
4. **Cum Laude Goue Medaljes** jaarliks deur die Phatshoane Henney Groep van Regsfirmas toegeken aan alle LLB-studente wat hul graad met lof verwerf het.
5. **Lid van die Toppresteerdersklub van die Universiteit van Johannesburg** toegeken aan voorgraadse studente wat 'n gemiddelde punt van 75% gehandhaaf het sonder enige punt onder 70%.

11.2 Pryse

6. **Adams en Adams-prys** (R3 500) toegeken aan die finalejaar LLB-student wat die beste potensiaal toon om 'n sukses van die prokureursberoep te maak.
7. **Anton Mostert Boekprys** (R500 elk) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Kontraktereg.
8. **Blakes Maphanga Prokureurs-prys** (R4 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Nagraadse Diploma in Arbeidsreg.
9. **Bowman Gilfillan Ingelyf-prys** (R7 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Ondernemingsvormereg.
10. **Brink Cohen Le Roux Ingelyf-prys** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Sertifikaat in Arbeidsreg.
11. **Brink Cohen Le Roux Ingelyf-prys** (R5 000) toegeken aan die beste voor-finalejaar LLB-student.
12. **Cherith-Ann Bracher-prys** (R5 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Strafprosesreg.
13. **D & T Trust-prys** (R3 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die LLM-module: Korporatiewe Insolvensiereg.
14. **Danie en Chrissie Dörfling Wisseltrofee** toegeken aan studente wat die Universiteit van Johannesburg by die 2010 Afrika Menseregte Skynhofkompetisie verteenwoordig het wat by die Universiteit d'Abomey Calavi in Benin plaasgevind het.
15. **Die Grondwet Wisseltrofee vir Staatsreg** geskenk deur Sy Edele Regter JC Kriegler en toegeken aan die beste student in Staatsreg.
16. **Direkteurs-prys** (R1 000) toegeken deur die Direkteur van die UJ Regskliniek aan die student wat 'n waardevolle bydrae gemaak het tot die diens wat die Regskliniek aan die gemeenskap lewer.
17. **DM Kisch Ingelyf-prys** (R3 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Kommersiële Reg 2C.
18. **Elsabé Steenhuisen-prys vir Toegepaste Regskunde (Kliniese Komponent)** (R800 elk) toegeken aan die studente wat die beste presteer het in die kliniese komponent van Toegepaste Regskunde.

19. **Emile Schlebusch-prys** (R1 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Uitlegleer.
20. **Etienne Labuschagne Boek en Prys** (R2 000) toegeken aan die beste eerstejaarstudent ter nagedagtenis aan mnr Etienne Labuschagne.
21. **Fakulteit Regsgeleerdheid Wisseltrofee** toegeken aan die mees toegewyde en verdienstelike finalejaar LLB student.
22. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys (Belastingreg)** (R2 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Belastingreg.
23. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys (Internasionale Privaatreg)** (R1 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Internasionale Privaatreg.
24. F**akulteit Regsgeleerdheid-prys en Wisseltrofee vir die Sertifikaat in Geldwasbeheer** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Sertifikaat in Geldwasbeheer.
25. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys in Internasionale Belasting** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Internasionale Belasting.
26. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys vir die Basiese Beginsels van Korttermyn-Versekering** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Die Basiese Beginsels van Korttermynversekering.
27. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys vir die Diploma in Insolvensiereg en Praktyk** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Diploma in Insolvensiereg en Praktyk.
28. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys vir die Diploma in Korporatiewe Reg** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Korporatiewe Reg.
29. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys vir die Diploma in Opstel en Uitleg van Kontrakte** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Diploma in Opstel en Uitleg van Kontrakte.
30. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys vir die Diploma in Strafregpleging en Forensiese Ondersoeke (Kontak)** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Diploma in Strafregpleging en Forensiese Ondersoeke (Kontak).
31. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys vir die Diploma in Strafregpleging en Forensiese Ondersoeke (Modulêr)** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Diploma in Strafregpleging en Forensiese Ondersoeke (Modulêr).
32. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys vir die Kortkursus in Direksiebeheer** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Kortkursus in Direksiebeheer.
33. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys vir die Nagraadse Diploma in Nakoming** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Nagraadse Diploma in Nakoming.
34. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys vir die Program in Fais-Wet vir Individue en Sleutelverteenwoordigers** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die FAIS-Wet vir Individue en Sleutelverteenwoordigers.
35. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys vir die Program in Omgewingsreg en Voldoening** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Program in Omgewingsreg en Voldoening.
36. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys vir die Sertifikaat in Nakomingsbestuur** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Sertifikaat in Nakomingsbestuur.
37. **Fakulteit Regsgeleerdheid-prys vir die Sertifikaat in Wetsopstel** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Sertifikaat in Wetsopstel.
38. **Gildenhuys Lessing Malatji Ingelyf-prys** (R3 000) toegeken deur Gildenhuys Lessing Malatji Ingelyf aan die student met die hoogste prestasie in Sakereg.

39. **Goldsmith & Papenfus-prys** (R10 000) toegeken deur O'Hagan Prokureurs aan die beste eerstejaar LLB-student.
40. **Herman Bosman-prys** (R2 000) toegeken aan die BCom(Regte)-student met die beste prestasie in sy/haar finale jaar.
41. **Inleiding tot Regstudie-boekprys** geskenk deur Mej ML du Preez word toegeken aan die beste student in Inleiding tot Regstudie.
42. **Jacques Tredoux-prys** (R5 000) deur Mnr Tredoux van Credo Group te Londen gemaak vir die beste LLB-student in die tweede jaar.
43. **Johannesburg Vereniging van Advokate-prys** (R4 500 elk) deur die Johannesburg Vereniging van Advokate van Suid-Afrika toegeken aan die beste finalejaar LLB-student.
44. **Joubert Prokureurs Wisseltrofee** toegeken aan die student met die meeste toewyding in Arbeidsreg soos deur die dosent aangewys.
45. **Juta-boekprys** (R700) toegeken aan die regstudent wat ongeag sy/haar studiejaar die hoogste prestasie behaal het.
46. **LexisNexis-boekprys** (R1 000 elk) toegeken deur LexisNexis Uitgewers aan die beste finalejaar LLB-student.
47. **LexisNexis-boekprys** (R1 000) toegeken deur LexisNexis Uitgewers aan die beste Deliktereg student.
48. **LexisNexis-boekprys** (R1 000) toegeken deur LexisNexis Uitgewers aan die beste Inleidende Arbeidsreg student.
49. **Nasionale Diploma in die Reg (Pararegslui Studies)-prys** (R2 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Nasionale Diploma in die Reg (Pararegslui Studies).
50. **Nedbank Beperk-prys** (R5 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die LLM module: Bankreg.
51. **Oud Hoofregter Rumpff-prys en Trofee** (R1 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Strafreg.
52. **Personereg en Familiereg-boekprys** (R1 500) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Personereg en Familiereg.
53. **Prokureursorde van die Noordelike Provinsies Sertifikaat** toegeken aan die beste student in Bewysreg en Litigasietegnieke as 'n genomineerde kandidaat vir die Sertifikaat van die Prokureursorde van die Noordelike Provinsies.
54. **Regter Snyman-boekprys** (R1 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Siviele Prosesreg.
55. **René Bekker Prokureurs-prys** (R2 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Insolvensiereg.
56. **Sentrum vir Internasionale en Vergelykende Arbeids- en Sosiale Sekerheidsreg Wisseltrofee vir die Sertifikaat in Sosiale Sekerheid** (en 'n boekprys geborg deur LexisNexis (R1 000)) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Sertifikaat in Sosiale Sekerheid binne die SAOG-streek.
57. **Sentrum vir Internasionale en Vergelykende Arbeids- en Sosiale Sekerheidsreg Wisseltrofee vir die Gevorderde Sertifikaat in Sosiale Sekerheid** (en 'n boekprys geborg deur LexisNexis (R1 000)) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Gevorderde Sertifikaat in Sosiale Sekerheid in Suid-Afrika.
58. **Sentrum vir Internasionale en Vergelykende Arbeids- en Sosiale Sekerheidsreg Wisseltrofee vir die Gevorderde Sertifikaat in Sosiale Sekerheid** (en 'n boekprys geborg deur LexisNexis (R1 000)) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die Nagraadse Diploma in Sosiale Sekerheid binne die SAOG-streek (2010).

59. **Spoor en Fisher TSAR-prys** (R1 000) vir die beste eerstelingbydrae in die Regsfakulteit se regstydskrif, die Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg.
60. **Spoor en Fisher-prys** (R1 000) toegeken aan die kandidaat wat die hoogste punt vir 'n skripsie in die Fakulteit Regsgeleerdheid in 2010 behaal het.
61. **Suid-Afrikaanse Vereniging vir Arbeidsreg-prys** (R2 000) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in die LLM-graad in Arbeidsreg.
62. **Trevor John Fagri-prys** (R3 500) toegeken aan die beste student in Deliktereg.
63. **Vereniging van Regslui vir Afrikaans-boekprys** toegeken aan die derdejaar student wat 'n liefde vir Afrikaans en 'n insig in die regswese in 2010 geopenbaar het.
64. **Werksmans Prokureurs-prys** (R1 000 elk) toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Kommersiële Reg 1A.
65. **Wisselreg-prys** (R750) geborg deur Regter FR Malan word jaarliks toegeken aan die student met die hoogste prestasie in Wisselreg.

11.3 Beurse

66. **Brink Cohen Le Roux Ingelyf-beurs** (R23 500) toegeken aan 'n verdienstelike LLB-student soos deur die donateur aangewys.
67. **MA Jonker-beurs** (R6 000) toegeken aan die mees verdienstelike student in die Fakulteit Regsgeleerdheid soos deur Adv Jonker aangewys.
68. **Rossouws-beurs** (R3 500) toegeken aan die mees verdienstelike student in die Fakulteit Regsgeleerdheid soos deur die skenker aangewys.
69. **SW van der Merwe-beurse** (R30 000 in totaal) toegeken deur Cliffe Dekker Hofmeyr aan uitstaande en verdienstelike LLB-studente.

11.4 Sertifikate

70. **Skynhofkompetisie** – 2010/2011

****

UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG